# HOOFSTUK 4

## ALLES WAT DIE SOFISTE IN VERBAND MET BEROU KWYTRAAK, IS VER VAN DIE SUIWERHEID VAN DIE EVANGELIE AF. 'N BEHANDELING VAN BELYDENIS EN VOLDOENING

### *Inleiding en bespreking van skolastiese opvattings in verband met die bieg en boetvaardigheid (Afdeling 1 - 6)*

### 1. *Die skolastiese leer in verband met boetvaardigheid*

Nou kom ek by 'n ondersoek van die leer van die skolastiese Sofiste in verband met berou.[1] Ek sal met so min woorde moontlik daaroor snel. OC 456 My bedoeling is trouens nie om alles te behandel nie sodat hierdie boek OS 85 nie eindeloos uitgerek word terwyl my voorneme juis is om 'n samevatting van die leer te maak nie. Sover dit hulle aangaan, het hulle die onderwerp, wat andersins nie so erg ingewikkeld is nie, in soveel boekdele begrawe dat 'n mens nie maklik daaruit kan kom as jy eers eenmaal in hulle gemors ingedompel is nie. Wanneer hulle 'n definisie daarvan gee, toon hulle by die begin duidelik aan dat hulle nog nooit agtergekom het wat berou is nie. Want hulle gryp sekere uitsprake uit die boeke van die ou skrywers wat glad nie die betekenis van berou uitdruk nie. Byvoorbeeld: Dat dit berou is om oor die sondes wat vooraf begaan is, te huil en om die sondes waaroor gehuil moet word, nie te begaan nie.[2] Net so: Dat dit berou is om oor die kwaad van die verlede te weeklaag en om nie weer die kwaad waaroor 'n mens moet weeklaag, te begaan nie.[3] Net so: Dat berou 'n bedroewende wraak is wanneer die mens homself daarvoor straf dat hy bedroef is oor die sonde wat hy begaan het.[4] Net so: Dat berou droefheid van hart en bitterheid van siel is vanweë die kwaad wat elkeen begaan het of waartoe hy ingestem het.[5]

[1] Vir die Roomse siening in verband met berou, boetvaardigheid, die bieg en verwante onderwerpe, vgl. Thomas, *Summa Theol.* 3.84 - 90 en *Suppl.* 1 - 16 (Marietti 4:585 - 631, 633 - 695).

[2] Marg. *Pri. est Greg. & refer. lib. 4. Sent. Dist. 14. cap. 1.* Vgl. Gregorius I, *Homil. in ev. lib.* 2, *hom.* 34.15 (MPL 76:1256); Lombardus, *Sent.* 4.14.1 (MPL 192:869 - 870).

[3] Marg. *Sec. Ambr. refert. illic & in Decr. Dist. 3. de poenitent. c. Poeni. priore.* Pseudo-Ambrosius, *Sermo* 25.1 (MPL 17:677); Lombardus, *Sent.* 4.14.1 (MPL 192:869 - 870); *Decr. Grat. II, De poenit.* 2.33; 3.1.33.39 (MPL 187:1532, 1594; Friedberg 1:1211, 1168).

[4] Marg. *Tert. August. refert. ea dist. c. Poeni. post.* Pseudo-Augustinus, *De vera et falsa poenitentia* 8.22 (MPL 40:1120); *Decr. Grat. II* 3.4 (MPL 187:1594; Friedberg 1:1211).

[5] Marg. *Quart. Amb. refert. dist. 1. de poen. c. vera poenit.* Pseudo-Ambrosius, *Sermo* 25.1 (MPL 17:677); *Decr. Grat. II* 1.39 (MPL 187:1532; Friedberg 1:1168).

Hoewel ons toegee dat dit goeie uitsprake van die kerkvaders is - iets waarmee 'n twisgierige mens nie maklik fout kon vind nie - het hulle dit tog nie gesê om berou daarmee te beskryf nie maar slegs om hulle eie mense aan te spoor om nie weer in dieselfde oortredings te verval waaruit hulle verlos was nie. As 'n mens al sulke uitdrukkings in A 221 definisies wou omskep, sou jy ook met ewe veel reg ander uitsprake daarby moes aanlap. Die volgende opvatting van Chrysostomos is 'n voorbeeld: Berou is medisyne wat die sonde uitblus, 'n gawe uit die hemel, 'n wonderlike deug, genade wat die krag van wette oortref.[6] Hierby kom nog dat die leer wat hulle later oordra nog 'n bietjie slegter as hulle definisies is. Want hulle is so knaend op die uitwendige beoefening daarvan gerig dat 'n mens uit hulle eindelose boeke niks anders kan aflei nie as dat berou tug en strengheid is, wat gedeeltelik dien om die vlees te tem en gedeeltelik om hulle gebreke te kasty en te straf. Oor die innerlike vernuwing van die verstand, wat ware lewensverbetering OS 86 meebring, is daar 'n verbasende stilswye.

Oor wroeging en verbryseling praat hulle wel baie;[7] hulle pynig mense se siele met baie probleme; hulle voer baie ergernis en angs in; maar wanneer dit vir hulle lyk asof hulle mense se harte heeltemal verwond het, genees hulle al hulle bitterheid met 'n ligte besprinkeling seremonies. Hulle verdeel berou, wat hulle so spitsvondig gedefinieer het, in wroeging van die hart, belydenis van die mond, en voldoening van werke.[8] Dit is 'n verdeling wat ewe veel dialekties is as hulle definisies, hoewel hulle die indruk wil skep dat hulle al hulle tyd daaraan bestee het om sillogismes aanmekaar te lap.[9] Maar as iemand vanuit 'n definisie redeneer - 'n soort redeneringswyse wat onder dialektici gewild is[10] - dat iemand kan huil oor die sondes wat hy vooraf begaan het en dat hy nie die sondes waaroor hy moet huil, weer moet begaan nie; dat hy oor die kwaad van die verlede kan weeklaag en dat hy nie weer sondes moet begaan waaroor hy hoef te weeklaag nie; dat hy homself kan straf dat hy sondes begaan het waaroor hy bedroef is, ensovoorts, ofskoon hy dit nie OC 457

[6] Vgl. Chrysostomos, *De poenitentia homil.* 7.1 (MPG 49:323) en Calvyn se *Ordonnances ecclesiastiques* 1541 (OC 10,1:30).

[7] Vgl. o.a. Alanus de insulis, *Theol. regulae* 85 (MPL 210:665); Bonaventura, *In sent.* 4.17.1.2.3; 4.17.2.2.3 (OOB 4:429 - 431); Thomas, *Summa Theol.* 3 *suppl.* 1.2, 3 (Marietti 4:637 e.v.); Duns Scotus, *In sent.* 4.14.2.1 - 4, 8; 4.16.2 (OOD 9:29, 251).

[8] Marg. *Lib. 4. Sent. 16. c. 1. de poenit. dist. 1. c. Perfecta poenit. Decr. Grat. II* 1.40 (MPL 187:1532; Friedberg 1:1168); Lombardus, *Sent.* 4.16.1 (MPL 192:877); Gregorius 1, *In I Reg.* 6.2.33 (MPL 79:439); Thomas, *Summa Theol.* 3.90.2 (Marietti 4:629); *Bulla Eugenii IV: Exultate Deo* in die Konsilie van Florence 1439 (Mansi 31:1057; Denzinger, nr. 699, p. 257 - 258). Luther het hierdie verdeling by verskeie geleenthede aangeval; vgl. o.a. WA 6:610; 7:112 e.v.

[9] Fr. 1541 e.v.: ... *combien qu'ils n'estudient autre chose en toute leur vie que la Dialectique, qui est l'art de définir et partir* (Benoit 3:98).

[10] Oor dialektiek vgl. Quintilianus, *Inst. orat.* 5.14.27, 28 (LCL 362 - 364).

met die mond bely nie - hoe sal hulle dan hulle verdeling kan verdedig? Want as so 'n mens wat waarlik berou het, nie belydenis doen nie, kan berou sonder belydenis wees?

Maar as hulle antwoord hierop sou wees dat hierdie verdeling net betrekking het op berou in soverre dit 'n sakrament is of dat dit net in verband met die hele voltooiing van berou verstaan moet word, wat nie in hulle definisies vervat is nie, is daar geen rede waarom ek beskuldig sou word nie. Hulle moet dit aan hulleself toeskryf, omdat hulle dit nie suiwerder en duideliker definieer nie. Sover dit my aangaan, maak ek na die grofheid van my verstand in enige bespreking alles van toepassing op my definisie wat tog die skarnier en basis van die diskussie is.

Maar laat ons dit aan hulle meesteragtige vryheid toegee en die onderafdelings in volgorde onder die loep neem. Dat ek met minagting oor die dinge spring wat hulle self met gewigtige hooghartigheid as geheimenisse aan ons wil verkwansel, doen ek nie uit onkunde nie. Dit sou trouens nie baie inspanning van my kant verg om al die redenasies wat na hulle mening skerpsinnig en subtiel is, omver te werp nie. Ek het OS 87 egter te veel ontsag om my lesers vrugteloos met sulke onsin te vermoei. Uit die vrae wat hulle te berde bring en behandel en waarmee hulle hulle jammerlik dwarsboom, is dit in elk geval maklik om agter te kom dat hulle oor onderwerpe klets waarvan hulle niks weet nie. Byvoorbeeld die volgende: Of berou oor een sonde God behaag wanneer 'n sondaar hardkoppig in ander sondes volhard.[11] Net so: Of die strawwe wat deur God op hulle gelê is, tot voldoening bydra.[12] Net so: Of berou vir die doodsondes[13] meer dikwels hernuwe kan word wanneer hulle skandelik en goddeloos berou so omskrywe dat 'n mens elke dag net oor die vergeeflike sondes berou betoon.[14] Net so pynig hulle hulleself verskriklik vanweë hulle growwe dwaling oor 'n uitspraak van Hieronymus, naamlik dat berou 'n tweede plank na 'n skipbreuk is.[15] Daarin bewys hulle dat hulle nog nooit uit hulle redelose beswyming wakker geword het om maar net 'n duisendste van hulle gebreke van ver af te voel nie.

[11] Vgl. Lombardus, *Sent.* 4.15.1 (MPL 192:872 e.v.); Bonaventura, *Com. Sent.* 3.15.1.1.1.2 (OOB 4:444 - 447); Thomas, *Summa Theol.* 3. *suppl.* 14.1 (Marietti 4:686).

[12] Vgl. Thomas, *ibid.* 15.2 (Marietti 4:691).

[13] Vgl. *ibid.* 3.84.10 (Marietti 4:597 e.v.).

[14] Vgl. Lombardus, *Sent.* 4.16.3 e.v. (MPL 192:879 e.v.); Thomas, a.w. 3.87.1 (Marietti 4:613 e.v.).

[15] Fr. 1541 e.v.: ... *que la pénitence est une seconde planche, sur laquelle celuy qui estoit pour périr en la mer nage pour venir au port* (Benoit 3:99). Vgl. Hieronymus, *Ep.* 84.6 (CSEL 55:128); *Ep.* 130.9.2 (CSEL 56:189); Lombardus, *Sent.* 4.14.1 (MPL 192:1097); *Decr. Grat. II* 1.72 (MPL 187:1548; Friedberg 1:1179); Thomas, *Summa Theol.* 3.84.6 (Marietti 4:594); vgl. ook die Konsilie van Trente, sesde sessie (Mansi 33:38); Schaff, *Creeds* 2:105. Luther beskryf Hieronymus se verklaring as 'n gevaarlike stelling (*De captivitate Babilonica*, WA 6:610).

## 2. *Hierdie leer is 'n foltering vir sondaars se gewete*

Ek sou egter graag wou hê dat my lesers daarop moet let dat die geskil hier nie oor 'n esel se skaduwee handel nie,[16] maar oor 'n onderwerp wat die ernstigste van alles is, naamlik oor sondevergiffenis. Want wanneer hulle drie eise vir berou stel, naamlik deurboring van die hart, belydenis van die mond en voldoening van die werke, leer hulle terselfdertyd dat al drie noodsaaklik is om vergiffenis van sondes te verkry. As daar egter iets in die hele godsdiens is wat vir ons belangrik is om te weet, dan is dit sekerlik van die grootste belang, naamlik om te verstaan en 'n behoorlike begrip te hê waarom, volgens watter wetmatigheid en voorwaarde, met watter gemak of watter moeite ons vergiffenis van sondes verkry. As ons kennis hiervan nie duidelik, vas en seker is nie, kan ons gewete hoegenaamd geen rus en vrede met God, geen vertroue of gerusstelling hê nie, maar dit beef, dit wankel, dit kook gedurig, dit pynig en kwel homself, dit is verskrik, dit haat en vlug van die gesig van God weg. As vergewing van sondes van hierdie voorwaardes afhang waaraan hulle dit verbind, sou ons niks ellendigers en beklaenswaardiger gehad het nie. Hulle stel verbryseling as eerste voorwaarde ter verkryging van vergiffenis en hulle eis dat dit na behore, dit is grondig en volledig, moet wees.[17] Intussen bepaal hulle egter nie wanneer iemand gerus kan wees dat hy OS 88 hierdie verbryseling grondig volvoer het nie. Ek erken wel dat ons noulettend en heftig daarmee moet aanhou sodat elkeen bitterlik oor sy sonde moet ween en homself meer en meer moet opskerp om 'n mishae daarin te hê en dit te haat. Want dit is 'n droefheid waaroor 'n mens nie OC 458 berou hoef te hê nie, omdat dit berou tot sy saligheid voortbring. Maar wanneer so 'n bitter smart vereis word wat met die grootte van hulle skuld ooreenstem en in 'n weegskaal teen hulle vertroue op vergiffenis opgeweeg word, word sondaars se gewete wonderlik gekwel en op loop gejaag wanneer hulle sien dat 'n verbryseling wat hulle vir hulle sondes verskuldig is, op hulle gelê word en hulle die maat van hulle skuld nie kan bereik om by hulleself te kan bepaal dat hulle hulle skuld vereffen het nie. As hulle beweer dat ons soveel moet doen as wat ons kan, kom ons maar altyd weer terug na dieselfde punt. Want wanneer sal iemand kan waag om vir homself te voorspel dat hy al sy kragte daarop toegelê het om oor sy sondes te treur? As mense se gewete dus lank met hulleself geworstel het; wanneer hulle deur langdurige konflikte beproef is en

[16] Die beeldspraak is ontleen aan die fabels van Esopus wat teen ongeveer 570 v.C. geleef het. Hiervolgens het 'n man sy esel aan iemand verhuur, die huurder op sy reis vergesel en die huurder se reg om in die esel se skadu te rus, betwis. Vgl. Plutarchos, *Moralia* 848 (LCL 10:434 e.v.).

[17] Vgl. Cyprianus, *Ep.* 55.18 (MPL 3:808; CSEL 3,2:636).

tog nie uiteindelik 'n hawe vind om in te rus nie, folter hulle hulleself met droefheid en ontpers trane uit hulle om hulle verbryseling daarmee af te rond om hulleself ten minste gedeeltelik te verlig.

### 3. *'n Sondaar moet nie op die pyniging wat sy berou meebring, ingestel wees nie maar sy oë op God se barmhartigheid rig*

As hulle sê dat ek hulle valslik beskuldig, laat hulle gerus iemand na vore bring en een enkele mens uitwys wat nie deur hulle leer van so 'n A 222 verbryseling wanhopig gemaak is of geveinsde smart in plaas van ware smart aan die oordeel van God voorgehou het nie. Ek het ook iewers gesê dat sondevergiffenis nooit sonder berou voorkom nie, omdat slegs die wat verslae en deur die bewustheid van hulle sonde gekwes is, God in alle opregtheid om sy barmhartigheid kan aanroep.[18] Terselfdertyd het ek egter bygevoeg dat berou nie die oorsaak van sondevergiffenis is nie. Ons het ook die foltering van ons siele laat vaar, naamlik dat ons die berou wat ons verskuldig is, moet volbring. Ons het geleer dat 'n sondaar sy oë nie op sy pyniging of sy trane moet rig nie maar dat hy albei sy oë slegs op die Here se barmhartigheid vas moet nael. Ons het slegs die vermaning gerig dat die wat vermoeid en belas is, deur Christus geroep word, omdat Hy gestuur is om die blye boodskap vir die armes te bring om die wat gebroke van hart is, te genees, om vir gevangenes vergiffenis te verkondig, die wat gebind is, uit te lei en die wat ween, te vertroos.[19] Die Fariseërs sou daarvan uitgesluit word omdat hulle van hulle eie geregtigheid versadig was en hulle armoede nie erken het nie. En so ook die Godsveragters wat nie oor God se toorn besorg is nie, en geen geneesmiddel vir hulle boosheid soek nie. Sulke mense is immers nie vermoeid of belas nie. Hulle is nie gebroke van hart of gebind of gevang nie.

Daar is trouens groot verskil tussen of jy leer dat 'n sondaar vergiffenis OS 89 van sy sondes deur grondige en volle verbryseling[20] (wat hy nooit kan volbring nie) kan verdien, en of jy hom leer om te honger en te dors na die barmhartigheid van God sodat jy deur die erkenning van sy ellende, deur sy hartstogtelike onrustigheid, vermoeidheid en gevangenskap aan hom kan wys waar hy verkwikking, rus en vryheid moet soek - kortom: of jy hom leer om in sy ootmoed God te verheerlik.

[18] Calvyn vat sy uiteensetting in *Inst.* 3.3.20, 21 (Afr. vert. 3:794, 796) hier bondig saam.

[19] Marg. *Matt. 11.d.28; Iesa. 61.a.1; Luc. 4.c.18.* Vgl. OC 45:320 - 321, 141 - 142; 37:371 - 373.

[20] Vgl. Thomas, a.w. 5.2 (Marietti 4:649).

### 4. *'n Bespreking van die konflik oor die interpretasie van bieg en belydenis*

Daar was altyd groot struweling tussen die Kanoniste[21] en die skolastiese teoloë oor die bieg.[22] Laasgenoemde se opvatting was dat die bieg 'n opdrag van God se gebooie is. Eersgenoemdes verset hulle daarteen en sê dat die bieg slegs deur die instellinge van die kerk voorgeskryf word.[23] Die skolastiese teoloë se sonderlinge skaamteloosheid het OC 459 inderdaad in daardie struweling aan die lig gekom toe hulle net soveel aanhalings uit die Skrif vervals en gewelddadig verdraai het as wat hulle vir hulle saak aangehaal het. En toe hulle sien dat hulle hulle eis nie eens so kon bereik nie, het dié wat skerpsinniger as die ander wou lyk, met hierdie uitvlug probeer wegkom dat die bieg uit die Goddelike reg spruit in soverre dit die wese daarvan aangaan maar dat dit eers later sy vorm van die burgerreg gekry het.[24] Die onnoselstes van die wetsgeleerdes voer 'n dagvaarding terug tot die Goddelike reg omdat daar dan geskryf is: "Adam, waar is jy?" Hulle voer ook aan dat dit 'n verweer[25] was omdat Adam hom dan kamtig verweer het toe hy geantwoord het: "Die vrou wat U my gegee het", ensovoorts.[26] Hulle voer aan dat aan albei, 'n dagvaarding en 'n verweer, deur die burgerlike reg vorm gegee is.

Maar laat ons kyk met watter bewyse hulle bewys dat hierdie bieg, met die vorm van die burgerlike reg of daarsonder, 'n gebod van God is. Hulle sê: "Die Here het die melaatses na die priesters gestuur".[27] Wat OS 90 bedoel hulle? Het Hy hulle gestuur om te bieg? Wie het al ooit gehoor dat daar gesê word dat die Levitiese priesters aangestel is om die bieg aan te hoor?[28] Hulle neem dus hulle toevlug tot allegorieë naamlik dat

21 Vir Kanoniste vgl. RPTK 7:322 - 326 (art. *Kanoniker, Kanonissen*) en CE 2:98 - 99; vir die Skolastici vgl. Afr. vert. 1:8, n. 43; 118, n. 5; 272 n. 82.

22 *Confessio* beteken bieg, konfessie of belydenis. Vanweë die beladenheid van die woord *bieg* word in die vertaling in die betekenis gedifferensieer.

23 Fr. 1541 e.v.: ... *qu'elle estoit seulement ordonnée de droit positif* (Benoit 3:101). Vgl. die *Decr. Grat. II* 1.30 - 37 (MPL 187:1528 - 1531; Friedberg 1:1165 - 1167); Lombardus, *Sent.* 4.17.1 - 4 (MPL 192:880 e.v.); Thomas, a.w. 3 *suppl.* 6.2, 3 (Marietti 4:652 e.v.); Duns Scotus, *In sent.* 4.17.1 (OOD 9:289 e.v.); *Bulla Sixti IV "Licet ea"* 1476 (Mansi 32:378; Denzinger, *Ench.* nr. 725, p. 270); Eck, *Ench.* 1532 8:7ab.

24 Vir "goddelike reg" (*Ius divinum*) en "positiewe reg" (*ius positivum*) vgl. REW 3:11 - 18 asook die inleiding van Justinianus se *Institusie* in die *Corpus iuris civilis*, 1.2.

25 *Exceptio* - 'n regsterm "*eine Einrichtung des Zivilprosessrechts, nämlich die dem Beklagten günstige "Ausnahme" von den Bedingungen, unter denen er dem Klagsanspruch zufolge zu verurteilen wäre*" (*Kleine Pauly* 2:474 en Justinianus, *Institusie* in die *Corpus iuris civilis* 4.13).

26 Marg. *Gen. 3.b.9, 12.* Vgl. OC 23:66, 67.

27 Marg. *Matth. 8.a.4.; Luc. 5.c.14, & 17.c.14* (1536: + *Marc. 1* (:44). Vgl. OC 45:232 - 233, 422 - 423 en Pseudo-Augustinus, *De vera et falsa sapientia* 10.25 (MPL 40:1122); *Decr. Grat. II* 33.3.88 (MPL 187:1559; Friedberg 1:1188); Lombardus, *Sent.* 4.18.6 (MPL 192:887).

28 Marg. *Deut. 17.b.8.* Vgl. ook vers 9.

daar volgens die Mosaïese wet bepaal is dat die priesters tussen melaatsheid en melaatsheid moes onderskei.[29] Sonde sou dan geestelike melaatsheid wees. Daarom is dit die priesters se taak om daaroor uitspraak te lewer.[30]

Voordat ek hierop antwoord, is my vraag terloops aan hulle: As hierdie verwysing hulle dan as beoordelaars van geestelike melaatsheid aanstel, waarom eien hulle hulle ook kennis van die natuurlike en vleeslike melaatsheid toe? Beteken die volgende dan nie 'n bespotting van die Skrif nie?: "Die wet verleen kennis van melaatsheid aan die Levitiese priesters. Laat ons dit dan vir onsself toe-eien. Sonde is geestelike melaatsheid. Laat ons dan ook kenners van die sonde wees".

Nou is my antwoord die volgende: As die priesterskap oorgedra is, moet daar noodwendig ook 'n oordrag van die wet wees.[31] Alle priesterskappe is egter op Christus oorgedra en in Hom vervul en beëindig. Al die reg en eer van die priesterskap is dus op Hom alleen oorgedra. As hulle dan so lief is om allegorieë agterna te sit, moet hulle Christus as die enigste priester vir hulleself voorhou en sy regterstoel met vrye jurisdiksie oor alle dinge bekroon. Dit sal ons maklik verdra. Hierbenewens is hulle allegorie onpaslik omdat dit die wet wat bloot op die volk betrekking het, onder die seremonies stel.

Waarom stuur Christus dan die melaatses na die priesters? Om te voorkom dat die priesters Hom valslik daarvan sou beskuldig dat Hy die wet skend. Dit wet gebied immers dat iemand wat van melaatsheid genees is, voor die priester gestel moet word, dat hy 'n offerande moes bring en versoening moes doen. Christus beveel die melaatses wat gereinig is om die voorskrifte van die wet na te kom. Hy sê: "Gaan, toon julle aan die priesters en offer die gawe wat Moses in sy wet voorgeskryf het sodat dit vir hulle 'n getuienis kan wees".[32] En hierdie wonderwerk sou inderdaad vir hulle 'n getuienis wees. Hulle het trouens tevore verklaar dat hulle melaats was, en nou verklaar hulle dat hulle genees is. Word hulle dan nie teen wil en dank gedwing om getuienes van Christus se wonderwerke te word nie? Christus laat hulle toe om sy wonderwerk te ondersoek. Hulle kan dit nie ontken nie. Want of hulle nou ook al uitvlug soek of nie, hierdie werk is vir hulle 'n getuienis.

So sê Hy elders: "Hierdie evangelie sal oor die hele wêreld verkondig word as 'n getuienis vir alle volke".[33] Net so: "Julle sal voor konings en

[29] Vgl. Lev. 14:2 e.v.

[30] Vgl. Hieronymus, *In Matth.* 8.4 (MPL 26:52); Pseudo-Augustinus, *De vera et falsa poenitentia* 10.25 (MPL 40:1122); Lombardus, *l.c.*; Bonaventura, *In sent.* 4.17.3.1.1 (OOB 4:450 - 452); Thomas, a.w. 3. *suppl.* 6.4 *ad* 3; 6 *ad* 2 (Marietti 4:655, 657).

[31] Marg. *Heb. 7.b.12.* Vgl. OC 55:89 - 90.

[32] Vgl. Luk. 17:14; Matt. 8:4.

[33] Marg. *Matth. 24.b.14.* Vgl. OC 45:656 - 657.

owerhede gebring word as 'n getuienis vir hulle".[34] Dit beteken sodat hulle des te kragtiger voor die oordeel van God aangekla kan word, OC 460 behalwe as hulle miskien met Chrysostomos wil saamstem? Hy leer ook dat Christus dit ter wille van die Jode gedoen het om nie as 'n wetsverbreker beskou te word nie.[35] Ek skaam my egter om in so 'n OS 91 duidelike aangeleentheid ondersteuning van enige mens aan te haal. Christus verklaar daar dat Hy die reg van die wet ten volle aan die priesters oorlaat, hoewel hulle uitgesproke vyande van die evangelie was wat altyd maar te gereed was om dit uit te jou as hulle monde nie gesnoer is nie. Om dit dus te behou moet die Roomse priesters oop en bloot oorgaan in die rol van mense wat met geweld gedwing moet word om Christus nie te belaster nie. Dit raak egter nie sy ware dienaars nie.

## 5. *Hulle verdraaide vertolking van Lasarus se opwekking*

Hulle put hulle tweede redenasie uit dieselfde bron, dit is uit 'n allegorie. Net asof allegorieë kragtig genoeg is om die een of ander A 223 leerstuk te bekragtig! Laat hulle allegorieë gerus maar sterk genoeg wees - behalwe as ek kan bewys dat ek dit nog indrukwekkender as hulle kan voorhou.

Hulle beweer dus: "Die Here het sy dissipels beveel om Lasarus los te maak van sy doeke en hom daarvan te bevry toe hy opgewek is".[36] Dit is eerstens 'n leuen. Ons lees immers nêrens dat die Here dit vir sy dissipels gesê het nie. Dit is ook baie waarskynliker dat Hy dit vir die Jode wat daar rondgestaan het, gesê het sodat die wonderwerk sonder 'n sweem van bedrog nog duideliker kon word en sy mag nog duideliker kon skyn omdat Hy dooies slegs met sy stem sonder om hulle aan te raak, opgewek het. My uitleg daarvan is inderdaad soos volg: om elke sweem van verdenking by die Jode uit die weg te ruim was dit die Here se wil dat hulle die klip moes wegrol, dat hulle die doodstank moes ruik; die onbetwisbare tekens van sy dood moes sien; dat hulle moes sien dat die dooie slegs deur die krag van sy woorde opstaan en dat hulle hom eerste moes aanraak toe hy weer lewendig geword het.

Dit is tewens ook Chrysostomos se opvatting.[37] Maar gestel nou maar ons

[34] Marg. *Matth. 10.b.18.* Vgl. OC 45:282.

[35] Marg. *Homil. 12. de muliere Chananaea.* Chrysostomos, *Homil. de Chananaea* 9 (MPG 52:456 e.v.).

[36] Marg. *Iohan. 11.f.44.* Vgl. Augustinus, *Enar. in Ps.* 101, *serm.* 2.3 (MPL 37:1306 e.v.; CCSL 40:1140) waar hierdie allegorie ontstaan het. Vgl. ook Pseudo-Augustinus, *De vera et falsa poenitentia* 10.25 (MPL 40:1122); *Decr. Grat. II* 33.3.88 (MPL 187:1559 e.v.; Friedberg 1:1188); Lombardus, *Sent.* 4.18.6 (MPL 192:887); Thomas, a.w. 3 *suppl.* 8.1 (Marietti 4:660 e.v.).

[37] Marg. *Serm. contra Iudaeos, Gentiles et haeret.* Vgl. Pseudo-Chrysostomos, *Contra Iudaeos, Gentiles et haereticos* (MPG 48:1078).

gee toe dat Hy dit wel vir sy dissipels gesê het. Wat sal hulle daarmee bereik? Dat die Here aan die apostels die mag gegee het om los te maak? Hoeveel pasliker en nuttiger sou hierdie gebeure nie volgens hulle allegoriese denkwyse behandel kon word as ons sou sê dat God sy gelowiges met hierdie teken wou leer om die wat deur Hom opgewek is, los te maak nie? Dit beteken dat hulle nie weer aan hulle sondes moet dink nie, omdat Hy self dit vergeet het; dat hulle mense wat Hy van hulle sondes kwytgeskeld het, nie as sondaars moes verdoem nie; dat hulle nie meer mense oor sondes wat Hy self vergewe het, moes verwyt nie; dat hulle nie streng en ongenaakbaar moes wees om sondaars te straf, terwyl Hy self barmhartig was en gewillig om hulle te spaar nie. Daar is gewis niks wat ons meer tot vergiffenis behoort te laat neig as die voorbeeld van die Regter wat dreig dat Hy onversoenlik sal optree teenoor mense wat uitermatig onbuigsaam en onmenslik optree nie. Laat hulle nou maar met hulle allegorieë gaan loop smous! OS 92

6. *Die Skolastici se vertolking van Skrifgetuienis oor belydenis is verkeerd*

Hulle raak nog nader handgemeen wanneer hulle met duidelike uitsprake van die Skrif,[38] soos dit vir hulle lyk, begin baklei. Hulle sê:[39] "Die mense wat na Johannes se doop toe gekom het, het hulle sondes bely,[40] en Jakobus wil hê dat ons ons sondes vir mekaar moet bely".[41] Daar is niks snaaks daarin as mense wat gedoop wou word hulle sondes bely het nie. Want tevore is daar gesê dat Johannes die doop van berou verkondig OC 461
het en dat hy met water tot berou gedoop het.[42] Wie sou hy dan gedoop het anders as net mense wat bely het dat hulle sondaars was? Die doop is 'n teken van die vergewing van sondes. Wie sou dan tot hierdie teken toegelaat word behalwe sondaars en mense wat erken dat hulle so is? Hulle het derhalwe hulle sondes bely om gedoop te word. Jakobus beveel ons ook nie sonder rede om ons sondes vir mekaar te bely nie. As hulle maar net sou let op wat daarop volg, sou hulle besef dat hierdie stelling hulle ook nie veel steun verleen nie. Hy sê: "Bely julle sondes teenoor mekaar en bid vir mekaar".[43] Hy verbind terselfdertyd onderlinge belydenis en gebed aan mekaar. As ons slegs vir (Roomse) priestertjies moet bieg, moet ons dus slegs vir hulle bid. Wat daarvan dat die gevolgtrekking uit Jakobus se woorde gemaak sou kon word dat slegs

[38] Fr. 1541 e.v.: + *de l'Escriture* (Benoit 3:104).
[39] Vgl. o.a. Thomas, a.w. 3 *suppl.* 6.6; 8.1 (Marietti 4:657, 660).
[40] Marg. *Matth. 3.b.6.* Vgl. OC 45:115.
[41] Marg. *Iacob. 5.d.16.* Vgl. OC 55:432 - 433.
[42] Vgl. Mark. 1:4.
[43] Vgl. Jak. 5:16.

(Roomse) priesters kan bieg? Want as sy bedoeling is dat ons onderling vir mekaar moet bieg, praat hy slegs met die mense wat die bieg van ander kan aanhoor. Hy sê; *Vir mekaar,*[44] *onderling, al om die beurt, beurtelings* of, as hulle dit verkies, *oor en weer.*[45] Niemand is egter in staat om oor en weer te bieg, behalwe mense wat bevoeg is om die bieg aan te hoor nie. Omdat (Roomse) priesters hulleself alleen vir hierdie voorreg waardig ag, lê ons ook die taak om te bely slegs op hulle alleen! Weg dus met sulke beuselagtighede! En laat ons die bedoeling van die apostel, wat eenvoudig en duidelik is, verstaan, naamlik dat ons ons swakhede onder mekaar moet deel om onderling raad, medelye en vertroosting te ontvang. Verder om vir ons medebroeders tot die Here te bid wanneer ons onderling kennis dra van hulle swakhede. Waarom haal hulle Jakobus dan teen ons aan terwyl ons so sterk op die belydenis van God se barmhartigheid aandring? Niemand kan egter God se barmhartigheid bely as hy nie eers sy eie ellende bely het nie. Ja, ons verklaar dat elkeen vervloek is wat nie voor God, voor sy engele, voor die kerk, kortom, voor alle mense, bely het dat hy 'n sondaar is nie. Want die Here het alles onder die sonde ingesluit,[46] sodat elke mond gesnoer[47] en alle OS 93
vlees voor God verneder kan word[48] en Hy alleen geregverdig[49] en verhoog kan word.

*'n Bespreking van die ontstaan van die oorbieg (Afdeling 7 - 8)*

## 7. *Gedwonge belydenis was in die vroeë kerk onbekend*

Ek verbaas my egter oor die verwaandheid waarmee hulle waag om te beweer dat die bieg waarvan hulle praat, uit die Goddelike reg afkomstig is. Ons erken wel dat die gebruik daarvan baie oud is, maar ons kan maklik bewys dat die bieg van ouds vry was. Hulle eie jaarboeke vertel trouens dat daar voor Innocentius die derde se tyd[50] geen wet in verband hiermee vasgestel of bepaal was nie.[51] As hulle immers 'n ouer wet (in verband met die bieg) gehad het, sou hulle dit eerder aangegryp het as om met die beslissing van die Lateraanse Konsilie[52] genoeë te neem en

[44] ἀλλήλους; *recte* 1536 - 1554: ἀλλήλοις .
[45] Fr. 1541 e.v.: *Car il dit Mutuellement* (Benoit 3:104).
[46] Marg. *Galat. 3.d.22.* Vgl. OC 50:218 - 219.
[47] Marg. *Rom. 3.b.9 et c.19.* Vgl. OC 49:55 - 56.
[48] Vgl. Rom. 3:20; 1 Kor. 1:29 (OC 49:330 - 332).
[49] Vgl. Rom. 3:4.
[50] Marg. *Fuit ille Papa 183.* (D.i. Hy was die pous in 183). 1536: Marg. *Pontif. 183 Platina autor est in vita Zepherini.*
[51] Vgl. Platina, *Liber de vita Christi ac omnium pontificum*; vgl. *Decr. Gregorii IX lib.* 5.38 (Friedberg 2:887; Mansi 22:1007 - 1010; Denzinger, nr. 437, p. 204 - 205).
[52] Vgl. die Lateraanse Konsilie sessie 4, 1215, hfst. 21 (Mansi 22:1007; Denzinger nr. 437, p. 204).

hulle selfs vir kinders bespotlik te maak. Hulle aarsel nie om in ander sake fiktiewe besluite te smee en dit aan konsilies uit die gryse verlede toe te skryf om eenvoudige mense met hulle eerbied vir die ou tyd 'n rat voor die oë te draai nie. Maar om so 'n bedrog oor hierdie belangrike aspek te opper skiet hulle nie te binne nie. Volgens hulle eie getuienis het daar dus nog nie driehonderd jaar verloop sedert die slagyster en dwang OC 462
om te bieg deur Innocentius die derde opgelê is nie.

Maar om nou maar van die tydsverloop te swyg: die onbeskaafde woorde alleen ontneem die wet alle geloofwaardigheid. Want die feit dat die goeie vaders gelas dat een van albei geslagte jaarliks een maal al hulle sondes voor hulle eie priester moet bieg, omseil hierdie gevatte mense pragtig daarmee dat slegs tweeslagtige mense deur hierdie voorskrif gebind word en dat dit inderdaad niemand wat net manlik of vroulik is raak nie. 'n Growwer onsmaaklikheid het daarna onder hulle leerlinge na vore gekom toe hulle nie kon verduidelik wat met "eie priester" bedoel word nie.[53] Watter kaf die gehuurde regsverdraaiers van die pous nou ook al kwytraak, ons glo dat Christus nie die oorsprong was van hierdie wet wat mense dwing om al hulle sondes een vir een op te noem nie; inteendeel, ons weet dat daar sedert Christus se opstanding 1 200 A 224
jaar verloop het voordat so 'n wet ingestel is. Ons is gevolglik bewus daarvan dat hierdie dwingelandy ingestel is toe godsvrug en die (ware) leer uiteindelik uitgeblus is en gemaskerde herders sonder onderskeid vir hulleself op alle vryheid beslag gelê het.

Verder bestaan daar duidelike getuienis in die geskiedenis sowel as by ander skrywers van ouds wat leer dat die bieg 'n burgerlike reëling was wat deur die biskoppe ingestel is en nie 'n wet wat Christus of die apostels ontwerp het nie. Ek sal uit die vele getuienisse daaroor slegs OS 94
maar een voorbeeld as duidelike bewys daarvan aanvoer. Sozomenus[54] vertel dat hierdie bepaling van die biskoppe noulettend gehoorsaam is in die Westerse kerke maar veral in Rome.[55] Daarmee gee hy te kenne dat dit nie 'n algemene instelling van al die kerke was nie. Hy sê verder dat een van die ouderlinge besonderlik aangewys is om hierdie taak te verrig. Daarmee weerlê hy hulle leuen ten volle wanneer hulle lieg dat die sleutels vir die toepassing hiervan sonder onderskeid aan die hele priesterorde gegee is. Want nie al die priesters het aan die uitvoering hiervan deel gehad nie, maar dit was die besondere funksie van slegs een priester wat met die oog hierop deur die biskop gekies is. So is daar vandag nog in elke katedraal van die kerk afsonderlik 'n sogenaamde

[53] Vgl. Bonaventura, *In sent.* 4.17.3.1.2 (OOB 4:446 e.v.); Thomas, a.w. 3.8.4 - 6 (Marietti 4:645 - 657).

[54] Fr. 1541 e.v.: *l'un des autheurs de l'histoire Ecclesiastique* (Benoit 3:105 - 106).

[55] Marg. *Tripart. hist. lib. 9.* Sozomenus, *Hist. eccles.* 7.16 (MPG 67:1459); vgl. ook Cassiodorus, *Hist. tripart.* 9.35 (MPL 69:1151).

*biegvader* wat ernstiger oortredings ondersoek en die straf daarvan as voorbeeld vir ander voorhou.[56] Daarna voeg Sozomenus by dat die gebruik ook in Konstantinopel bestaan het totdat 'n sekere vrou wat voorgegee het dat sy besig was om te bieg, op heterdaad betrap is terwyl sy 'n verhouding met 'n diaken so verbloem. Vanweë hierdie skelmstreek het Nectarius, die biskop van die kerk daar en ook 'n man wat beroemd was vir sy heiligheid en geleerdheid, die gebruik om te bieg afgeskaf.[57]

Hier, ja, hier moes daardie esels hulle ore gespits het. As die oorbieg 'n wet van God was, hoe kon Nectarius waag om dit af te breek en uitmekaar te skeur? Sal hulle Nectarius, 'n heilige van God en volgens die getuienis van al die ou skrywers 'n voortreflike man, dan van ketterye en skeuring beskuldig? Maar volgens dieselfde oordeel moet hulle dan ook die kerk van Konstantinopel verdoem. Sozomenus verklaar trouens dat die gewoonte om te bieg daar nie net tydelik gestaak is nie maar dat dit sover hy kon onthou, in onbruik was. Ja, hulle moet nie net die kerk in Konstantinopel nie maar al die kerke in die Ooste van afvalligheid OC 463
aankla omdat hulle dan hierdie onskendbare wet (as hulle die waarheid praat) wat aan alle Christene opgedra is, verontagsaam het.

8. *Chrysostomos verplig mense ook nie om te bieg nie*

Chrysostomos wat self ook biskop van die kerk in Konstantinopel was, getuig op soveel plekke uitdruklik dat hierdie verpligting afgeskaf is sodat dit verbasend is dat hulle nog hieroor durf kwaak. Hy sê: "Sê wat jou sondes is sodat jy dit tot niet kan maak. As jy skaam is om jou sondes OS 95
vir iemand anders te sê, sê dit dan elke dag in jou siel vir jouself. Ek sê nie dat jy jou sondes vir jou mediedienskneg moet bely nie, omdat hy jou daarvoor kan verwyt. Vertel jou sondes vir God wat dit kan genees. Bely jou sondes op jou bed, sodat jou gewete elke dag daar sy kwaad kan leer ken".[58] Net so sê hy: "Nou is dit egter nie nodig om in die teenwoordigheid van getuies belydenis te doen nie. Jy moet jou oortredings in jou gedagtes ondersoek. Jy moet sonder getuie daaroor oordeel. Laat God alleen jou sien wanneer jy bely".[59] Net so: "Ek neem jou nie in die skouburg van jou mediediensknegte in nie; ek dwing jou nie om jou sondes vir mense oop te vlek nie. Vertel dit voor God en maak jou gewete vir Hom oop. Wys jou wonde vir die Here, die voortreflikste

[56] *Poenitentiarius* - oor 'n biegvader vgl. Thomas, a.w. 3.8.5 *ad* 3 (Marietti 4:666).

[57] Cassiodorus, a.w. (MPL 69:1151 - 1152).

[58] Marg. *Homil. 2. in Psal. 50.* Pseudo-Augustinus, *In Psal.* 50 *homil.* 2.5, 6 (MPG 55:581 e.v.).

[59] Marg. *Serm. de Poeniten. & confes.* Pseudo-Chrysostomos, *Sermo de poenitentia et confessione* opgeneem in die Baselse uitgawe van Erasmus, 1530. (Vgl. OS 4:98).

Dokter, en vra Hom om dit te genees. Wys jou sondes vir Hom wat jou nie daarvoor verwyt nie maar dit baie vriendelik genees".[60] Net so: "Moet dit beslis nie vir 'n mens sê nie, sodat hy jou nie miskien daarvoor verkwalik nie. Want 'n mens moet nie vir sy mededienskneg bieg nie, omdat hy dit miskien in die openbaar aan die lig kan bring.[61] Maar wys jou wonde vir die Here wat jou versorg, wat vriendelik is en 'n geneesheer is". Daarna stel hy God voor asof Hy sê: "Ek dwing jou nie om in die middel van 'n teater in te gaan en baie mense as getuies by te haal nie. Sê vir My alleen jou sonde in afsondering sodat ek die sweer kan genees".[62]

Moet ons dan sê dat Chrysostomos tot so 'n onbesonnenheid gevorder het toe hy hierdie en soortgelyke gedagtes neergeskryf het, dat hy die gewete van die mens van hierdie bande waardeur dit deur die wet van God geknel was, vry kon maak? Hoegenaamd nie! Maar omdat hy besef het dat dit glad nie deur die Woord van God voorgeskryf is nie, het hy nie gewaag om dit as iets noodsaakliks te vereis nie.

## *Openbare en persoonlike sondebelydenis volgens die Skrif (Afdeling 9 - 13)*

### 9. *Belydenis voor God*

Maar om die hele onderwerp duideliker en verstaanbaarder te maak sal ons eers te goeder trou weergee watter soort belydenis ons deur die Woord van God geleer is. Daarna sal ons hulle versinsels byvoeg - nou wel nie alles nie, want wie sou so 'n eindelose see kon leegskep - maar slegs die waarin hulle die hoofpunte van hulle geheime bieg saamvat.
Dit spyt my om hier te vermeld hoeveel keer die vertaler van ouds die OS 96
woord *bieg* in plaas van *lof* vertaal het soos dit selfs aan die ongeleerdste idiote bekend is.[63] Ons moet egter hulle vermetelheid aan die kaak stel wanneer hulle dit wat oor God se lof geskryf is, op hulle wreedaardige edik oordra. Om te bewys dat hulle bieg die krag het om mense se gemoedere op te beur dring hulle die volgende woorde van die psalm aan ons op: "Met die stem van jubel en belydenis".[64] Maar as so 'n omruiling van woorde geldig is, sal ons enigiets uit enigiets kan maak.

[60] Marg. *Homil. 5. de incompreben. Dei natura, contra Anomoeos.* Chrysostomos, *De incomprehensibili Dei natura contra Anomoeos homil.* 5.7 (MPG 48:746).

[61] Fr. 1541 e.v.: *lequel te puisse reprocher après, ou te diffamer en publiant tes fautes* (Benoit 3:107).

[62] Marg. *Homil. 4. de Lazaro.* Chrysostomos, *De Lazaro concio* 4.4 (MPG 48:1012).

[63] Vgl. o.a. Ps. 7:18; 9:2; 42:5, 6; 95:2; 100:4 (OC 31:87, 96 - 97, 427 - 429; 32:55). Die Hebreeuse woord אודה afgelei van ידה "om hard te loof, te prys", is in die LXX (Septuagint) weergegee met ἐξομολογήσαμεναι en in die Vulgaat met *confiteri.*

[64] Marg. *Psal. 42.a.5.*

Omdat hulle trouens alle skaamte laat vaar het, moet vroom lesers OC 464 onthou dat hulle deur God se regverdige wraak tot 'n afkeurenswaardige gesindheid oorgegaan het sodat hulle vermetelheid nog verfoeiliker kan wees.

Maar as ons maar net in die eenvoudige leer van die Skrif wil berus, sal daar geen gevaar bestaan dat iemand ons met sulke skelmstreke kan mislei nie. Want daar word net een manier van belydenis voorgeskryf, naamlik dat ons ons sondes vir die Here moet bely om vergiffenis te verkry omdat dit Hy is wat ons sondes vergewe, vergeet en tot niet maak. Hy is die geneesheer; ons moet dus ons wonde vir Hom wys. Hy is geskaad en beledig; ons moet Hom dus vir vrede vra. Hy is die kenner van ons harte en Hy weet wat al ons gedagtes is. Laat ons ons dus haas om ons harte voor Hom uit te stort. Kortom: dit is Hy wat sondaars na Hom A 225 toe roep: laat ons dus nie versuim om na Hom toe te gaan nie. Dawid sê: "Ek het my sonde aan U bekend gemaak en ek het my ongeregtigheid nie vir U verberg nie. Ek het gesê: Ek sal my ongeregtigheid voor U, o Here, bely, en U het die ongeregtigheid van my hart vergewe".[65] 'n Ander belydenis van Dawid is in dieselfde trant. "Wees my barmhartig, o God, volgens u groot barmhartigheid".[66] Daniël se belydenis is net so: "Ons het gesondig, o Here, ons het verkeerd gedoen en goddeloos gehandel. Ons was wederstrewig omdat ons van u gebooie afgewyk het".[67] Daar is ook ander belydenisse wat oral in die Skrif voorkom, maar om dit aan te haal sal amper 'n boek vul. Johannes sê: "As ons ons sondes bely - die Here is getrou om ons ons sondes te vergewe".[68] Vir wie moet ons ons sondes bely? Natuurlik vir Hom! Dit beteken dat as ons met verslae en ootmoedige harte voor Hom neerval, as ons ons van harte voor OS 97 Hom aankla en verdoem, ons Hom moet vra om ons uit goedertierenheid en barmhartigheid te vergewe.

## 10. *Openbare sondebelydenis*

Iemand wat hierdie belydenis van harte en voor God aanvaar, sal ongetwyfeld ook die woorde hê om belydenis te doen wanneer dit nodig is om God se barmhartigheid onder die mense te verkondig. En hy sal die gawe hê nie net om die geheime van sy hart aan een mens en net een maal en in sy ore te prewel nie, maar om baie dikwels openlik ten aanhore van die hele wêreld opreg sy eie skande en God se grootheid en eer openlik te vertel. Toe Dawid byvoorbeeld deur die

[65] Marg. *Psal. 51.b.5* (*recte* 1536 -1554: *Psal. 32.b.5*). Vgl. OC 31:319 - 320.
[66] Marg. *Psal. 51.a.1* (*recte*: Ps. 51:3). Vgl. OC 31:509.
[67] Marg. *Dan. 9.a.5*. Vgl. OC 41:135 e.v.
[68] Marg. *1. Iohan. 1.d.9*. Vgl. OC 55:306 - 307.

prikkel van sy gewete deurboor was toe hy deur Natan beskuldig is, het hy sy sonde voor God sowel as voor die mense bely. Hy sê: "Ek het teen die Here gesondig".[69] Dit beteken: "Nou het ek geen verskoning nie. Ek probeer nie ontvlugkans soek daarvan dat almal my as 'n sondaar beoordeel nie. Die sonde wat ek vir die Here wou verberg, moet ook vir die mense self bekend word".

So dikwels as God se heerlikheid of ons eie vernedering dit vereis, volg op 'n verborge belydenis wat voor God is, ook 'n vrywillige belydenis voor mense. Daarom het die Here vroeër vir die Israeliete bepaal dat die priester vir hulle die woorde[70] moet voorsê en dat hulle openlik in die tempel hulle sondes moet bely.[71] Want Hy kon sien dat hulle hierdie OC 465
hulpmiddel nodig gehad het om hulle beter daartoe te bring dat elkeen homself grondig kon leer ken. Dit hoort ook so dat ons deur die belydenis van ons eie ellende God se goedertierenheid en barmhartigheid onder ons en voor die hele wêreld moet verheerlik.

## 11. *Algemene sondebelydenis*

Hierdie soort gewone belydenis behoort trouens algemeen in die kerk voor te kom en dit behoort ook buiten die gewone op 'n sonderlinge manier gebruik te word as dit gebeur dat 'n volk hom aan die een of ander algemene sonde skuldig maak.[72] Ons vind 'n voorbeeld van hierdie tweede soort in die plegtige belydenis wat die hele Israel op las en onder leiding van Esra en Nehemia aflê.[73] Aangesien hulle langdurige ballingskap, die vernietiging van hulle stad en die tempel en die verbrokkeling van hulle godsdiens die straf vir hulle almal se afvalligheid was, kon hulle nie die weldaad van hulle bevryding na behore erken tensy hulle hulleself eers vooraf aangekla het nie.

Dit maak ook nie saak as daar soms in 'n gemeente 'n paar onskuldiges is nie. Hulle is trouens lede van 'n slap siek liggaam en hulle behoort nie daarop te roem dat hulle gesond is nie; inteendeel, hulle kan nie anders OS 98
as om 'n mate van die besmetting op te doen en self 'n deel van die skuld te dra nie.

Wanneer ons dus deur pes, oorlog of onvrugbaarheid of enige ander ramp getref word en dit ons verplig om daaroor te treur, te vas of ons toevlug tot ander tekens van ons skuld te neem, moet ons juis die belydenis waarvan al die ander dinge afhang, nie verwaarloos nie. Niemand wat by

[69] Marg. *2. Sam. 12.c.13.*
[70] *verb a* (*recte* 1561: *verba*).
[71] Marg. *Levit. 16.e.21.*
[72] Fr. 1541 e.v.: *tellement que tous soyent coulpables devant Dieu* (Benoit 3:109).
[73] Marg. *Nehem. 1.c.7.* Vgl. ook Neh. 9:1.

sy volle verstand is, sou waag om die gewone vorm van belydenis te misken as hy die voordeel daarvan opweeg nie,[74] omdat dit bowendien uit die Here se mond aan ons opgedra is. Aangesien ons ons trouens in alle heilige vergaderings voor God en die engele se aangesig stel, hoe sal ons kan begin optree as ons nie eers ons onwaardigheid erken nie? "Maar," sê jy, "dit gebeur in elk geval in elke gebed. Want wanneer ons om vergiffenis bid, bely ons in elk geval ons sondes." Ek erken dit. Maar as jy maar net nadink hoe groot ons onbesorgdheid of ons lomerigheid en afsydigheid is, sal jy my toegee dat dit 'n heilsame instelling is as Christene met die een of ander plegtige belydenis tot ootmoedigheid geoefen word. Want hoewel die seremonie wat die Here aan die Israeliete voorgeskryf het, tot die onderwysing van die wet behoort het, is dit nogtans iets wat ons ook enigsins raak. Ons sien in elk geval dat hierdie gebruik met vrug in reggesinde kerke toegepas word, naamlik dat die bedienaar elke Sondag die belydenisformulier vir homself en vir sy gemeente voordra. Daarmee kla hy hulle almal van ongeregtigheid aan en smeek die Here om vergiffenis.[75]

Kortom: met hierdie sleutel word die deur vir elkeen afsonderlik sowel as vir almal saam oopgemaak om te bid.

## 12. *Die twee vorms van persoonlike belydenis*

Hierbenewens vermeld die Skrif met instemming nog twee vorms van persoonlike belydenis. Die een is ter wille van onsself. Jakobus se verklaring het hierop betrekking, naamlik dat ons ons sondes vir mekaar moet bely.[76] Sy opvatting is dat ons mekaar wedersyds met raad en vertroosting kan help as ons ons swakhede vir mekaar openbaar maak. OC 466 Die tweede vorm van belydenis is die een wat ons ter wille van ons naaste moet doen om hom te kalmeer en met ons te versoen as hy miskien in enige opsig deur ons toedoen leed aangedoen is. En hoewel Jakobus in die eerste vorm van belydenis niemand by name noem by wie ons van ons laste ontslae kan raak nie, laat hy vir ons 'n vry keuse om belydenis te doen voor iemand wat vir ons die geskikste in die gemeente OS 99 lyk. Omdat herders nogtans geskikter as andere geag moet word, sal ons hulle in besonder daarvoor moet kies. Ek sê egter dat hulle bo ander daarvoor geskik is omdat hulle vanweë die roeping van hulle diens deur die Here vir ons bestem is om uit hulle mond geleer te word om ons sondes te oorwin en reg te maak en troos uit ons vertroue op vergiffenis te

[74] Fr. 1541 e.v.: *qui se fait en commun de tout le peuple, outre ce qu'elle* (Benoit 3:109).

[75] Vgl. Calvyn, *De forme des prieres et chantz ecclésiastiques ... selon la coustume de l'eglise ancienne*, 1542 (OC 6:173 e.v.).

[76] Marg. *Iacob. 5.d.16.*

ontvang.[77] Want hoewel die plig tot onderlinge vermaning en bestrawwing weliswaar vir alle Christene gebied word, is dit nogtans besonderlik aan bedienaars opgelê. Hoewel ons almal saam mekaar moet vertroos en mekaar in die vertroue op God se barmhartigheid moet versterk, sien ons tog dat juis die bedienaars as getuies en borge gestel word om ons gewete te verseker dat ons sondes vergewe is. Dit strek so ver dat selfs gesê word dat hulle sondes vergewe en siele verlos. Wanneer 'n mens hoor dat hierdie plig aan hulle toegeskryf word, moet jy dus daaroor dink dat dit tot jou voordeel is.[78]

Elke gelowige moet dus onthou dat dit sy plig is om nie hierdie geneesmiddel wat die Here hom bied, te versmaai as hy in sy persoonlike lewe deur die aanvoeling van sy sonde so beangs en benoud word dat hy hom nie sonder iemand anders se hulp daaruit kan loswoel nie. Hy moet naamlik 'n persoonlike belydenis voor sy eie herder doen om homself te verlig. Hy moet hom om sy persoonlike hulp smeek om vertroosting te verkry, omdat dit sy plig is om God se volk almal saam en elkeen afsonderlik met die leer van die evangelie te vertroos.[79]

Maar ons moet altyd matigheid voor oë hou, om ons gewete nie met 'n juk te belas waaroor God niks bepaalds vir ons voorskryf nie. Hieruit volg dat so 'n belydenis vrywillig moet wees sodat dit nie van almal geëis kan word nie maar slegs aanbeveel word vir die mense wat besef dat hulle 'n behoefte daaraan het. Verder moet mense wat dit uit nood gebruik, nie met die een of ander gebod gedwing word of met 'n listige streek daartoe gelei word om al hulle sondes op te noem nie, maar slegs in soverre hulle reken dat dit vir hulle belangrik is om die volle vrug van vertroosting te kry. Getroue herders moet hierdie vryheid nie alleen vir die kerk laat bly nie maar dit ook beskerm en moedig verdedig as hulle hulle amp vry van dwang wil hê en bygeloof van die kerkvolk wil weghou.

## 13. *Die tweede vorm van persoonlike belydenis*

Christus praat in Matteus oor die tweede vorm van belydenis. Hy sê: "As jy jou gawe na die altaar bring, en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat jou gawe dan daar bly. Gaan en versoen jou eers met jou broer. Kom dan en bring jou gawe".[80] Want so moet ons die liefde wat OS 100

[77] Marg. *Matth. 16.c.19; Matth. 18.c.18; Iohan. 3.e.23* (*recte* 1539: *Iohan. 20.e.23*). Vgl. OC 45:474 - 477, 515 - 516; 47:68 - 69.

[78] Calvyn behandel die amp van herder en leraar eers in *Inst.* 4.3 maar hy gee reeds hier 'n aanduiding van die agting wat aan predikante in die gemeente verskuldig is. Vgl. Benoit, *Calvin directeur d'âmes*, 245 e.v.

[79] In verband met belydenis voor 'n predikant vgl. Luther, *Von der Beicht* 1521 (WA 8:164).

[80] Marg. *Matth. 5.d.23.* Vgl. ook vers 24 en OC 45:176 - 177.

deur ons toedoen uitmekaar gespat het, herstel deur die vergryp wat ons gepleeg het, te erken en vergiffenis daarvoor te vra.

Hieronder word ook die belydenis van die mense ingesluit wat so gesondig het dat hulle die hele kerk aanstoot gegee het.[81] Want as OC 467
Christus die aanstoot van een mens so hoog geag het dat Hy almal wat die een of ander sonde teen hulle broers begaan het, van 'n heilige plegtigheid af weghou totdat hulle deur behoorlike voldoening weer versoen is, hoeveel te meer rede het iemand dan nie wat die kerk met die een of ander slegte voorbeeld skade aangedoen het om hom met die kerk te versoen deur sy oortreding te erken nie?[82] So is die Korintiër weer in die gemeenskap opgeneem toe hy getoon het dat hy die teregwysing gehoorsaam.[83]

Hierdie vorm van belydenis het ook in die kerk van ouds voorgekom soos Cyprianus vertel. Hy sê: "Vir 'n vasgestelde tyd het hulle berou beoefen. Daarna kom hulle by die belydenis en ontvang die reg tot gemeenskap deur die handoplegging van die biskop en die priesters".[84]

Die Skrif ken geen ander wyse of vorm van belydenis nie. Ons het ook nie die reg om ons gewete met nuwe bande te bind nie, omdat Christus ons ten strengste verbied om van ons gewetens slawe te maak. Intussen maak ek geen lawaai daaroor dat die skape hulle elke keer wanneer hulle aan die heilige nagmaal deel wil neem, voor hulle Herder stel nie; inteendeel, ek sou graag wou hê dat dit oral toegepas moet word.[85] Want enersyds kan mense wat 'n beswaarde gewete het, buitengewone vrug daarvan pluk en andersyds kan die wat vermaan moet word, 'n geleentheid vir so 'n vermaning skep. Dit moet egter altyd sonder dwang en bygeloof wees.[86]

### *Die sleutelmag en kwytskelding van sondes (Afdeling 14 -15)*

### 14. *Die aard van die sleutelmag*

Onder hierdie drie groepe van belydenis is daar egter ook plek vir die sleutelmag. Dit kom byvoorbeeld voor wanneer die hele kerk plegtig sy

[81] Fr. 1545 e.v.: *la confession publique des pénitens, qui ont commis quelque scandale notoire en l'Eglise* (Benoit 3:111).

[82] Vgl. Calvyn se *Projet de ordonnances ecclésiastiques* 1541 (OC 10,1:29 e.v.).

[83] Marg. *2. Cor. 2.b.6.* Vgl. OC 50:29.

[84] Cyprianus, *Ep.* 16.2 (CSEL 3,2:518 e.v.); *Ep.* 11.2 (MPL 4:257 - 258).

[85] Vgl. Melanchthon, *Loci com.* 1535 (CR 21:494).

[86] In 'n brief aan Farel verduidelik Calvyn sy opvatting in verband met die bieg omdat die indruk kon bestaan dat hy die Roomse oorbieg maar net met 'n ander variant daarvan vervang het (OC 11:41). In die eerste uitgawe van die *Inst.* (1536) (Afr. vert.:350) maak Calvyn voorsiening vir belydenis net voor God en vertolk die Hebreeuse woord so dat dit andersins "lof" "ten aanhore van die hele wêreld" insluit.

sondes erken en vergiffenis daarvoor vra of wanneer iemand in sy persoonlike hoedanigheid met die een of ander opsienbarende oortreding algemene aanstoot gegee het, en getuig dat hy daaroor berou het óf wanneer iemand vanweë die onrustigheid van sy gewete hulp van 'n bedienaar nodig het en sy eie swakheid aan hom openbaar.

Wanneer aanstoot uit die weg geruim moet word,[87] is die metode egter heeltemal anders. Hoewel die vrede van 'n mens se gewete immers ook daarby in ag geneem word, is die besondere doelstelling daarvan tog dat mense se haat tot niet gemaak en hulle siele weer met 'n band van vrede verenig kan word. Maar die vrug waarvan ek hierbo gepraat het, is iets wat ons nie gering moet skat nie, sodat ons ons sondes met groter vrymoedigheid kan bely. Want wanneer die hele kerk as 't ware voor die OS 101
regterstoel van God staan en erken dat hulle skuldig is en slegs een toevlug het, naamlik tot die barmhartigheid van God, is dit nie maar sommer 'n alledaagse of ligte troos om Christus se gesant daar te hê,[88] terwyl hy met die opdrag tot versoening toegerus is en om van hom te hoor dat hy vir hom vergiffenis verkondig nie.[89] Hier word die gebruik van die sleutels met reg aangeprys wanneer die boodskap[90] na behore, ordelik en met gepaste eerbied toegepas word.[91]

Dit is eweneens die geval wanneer iemand wat 'n bietjie van die kerk vervreemd geraak het, vergewe word en weer met sy broers een word. Hoe groot is die weldaad nie wanneer hy besef dat hy vergewe word deur mense aan wie Christus gesê het: "As julle die mense hulle sondes op die aarde vergewe, sal dit hulle in die hemel vergewe word"?[92]

[87] Fr. 1560: *Quant est de réparer les offenses et appointer avec son prochain* (Benoit 3:112).

[88] Fr. 1545 e.v.: *là l'ambassadeur de Iesus Christ présent, lequel ait charge de l'absoudre, et qu'il luy dénonce qu'il l'absout au nom de son Maistre et par l'authorité d'iceluy, suyvant le mandement qui luy est donné* (Benoit 3:112).

[89] In sy *Com. in ev. Ioannis* 20:23 wys Calvyn op die verskil tussen hierdie regsinnigge gebruik van die sleutelmag en die misbruik daarvan in die Roomse Kerk: *Videmus nunc cur tam splendido elogio commendet Christus ac ornet ministerium, quod apostolis iniungit, nempe ut tuto sibi persuadeant fideles, ratum esse quod audiunt de remissis peccatis, nec minoris faciant reconciliationem quae voce hominum offertur quam si Deus ipse e caelo porrigeret. Ac uberrimum huius doctrinae fructum cotidie percipit ecclesia, dum pastores suos intellegit divinitus ordinatos esse aeternae salutis sponsores, nec peccatorum remissionem quae apud illos est deposita, procul esse quaerendam ... incomparabilis hic thesaurus ... Rursum plus quam insulsi sunt papistae qui locum hunc ad magicas suas ablutiones detorquent: nisi quis peccata sua confessus sit in aurem sacerdotis, nulla secundum eos speranda est remissio* (OC 47:441). Dieselfde gedagtes word ook in die Augsburgse Konfessie deel 2, art. 4 weergegee; vgl. Schaff, *Creeds* 3:40 - 42 en Melanchthon, *Loci com.* (CR 21:501 - 505).

[90] Fr.: *ceste ambassade* (Benoit 3:112).

[91] Vgl. o.a. die volgende formulier: *Un chascun de vous se recognoisse vrayement pecheur s'humiliant devant Dieu, et croye que le Pere celeste luy veult estre propice en Iesus Christ. A tous ceux qui en ceste maniere se repentent, et cerchent Iesus Christ pour leur salut, ie denonce l'absolution des pechez estre faicte au Nom de Pere, du Filz et du sainct Esprit. Amen* (OC 6:174.) Vgl. ook die formulier wat in Genève toegepas is (OC 10,1:213).

[92] Marg. *Matth. 18.c.19* (*recte*: Matt. 18:18); *Iohan. 20.c.23.*

Persoonlike kwytskelding het egter nie minder krag of vrug wanneer dit vereis word van mense wat 'n besondere middel nodig het om hulle swakheid te verlig nie. Want dit gebeur nie selde dat iemand wat die algemene beloftes hoor wat tot die hele gemeente van gelowiges gerig word, nietemin bly twyfel en nog 'n onrustige gemoed het net asof hy OC 468 nog nie vergiffenis gekry het nie. As hy die geheime wond van sy siel aan sy herder bekend maak en hy verneem dat die volgende woorde van die evangelie besonderlik op hom gerig is: "Jou sonde word vergewe; vertrou net",[93] sal hy sy gemoed versterk en gerus wees en hy sal verlos word van die angs wat hom tevore laat kook het.

Wanneer dit egter oor die sleutels handel, moet ons altyd waak dat ons A 227 ons nie naderhand verbeel dat dit een of ander mag is wat los staan van die verkondiging van die evangelie nie.[94] Ons sal hierdie onderwerp weer elders breedvoeriger verduidelik wanneer die kerkregering onder die loep geneem word.[95] Daar sal ons dan sien dat die hele reg om te bind of te ontbind, wat Christus aan sy kerk gegee het, aan die Woord verbind is. Dit is nogtans besonder waar in die bediening van die sleutels. Die volle krag daarvan is daarin geleë dat die genade van die evangelie deur die mense wat die Here daarvoor bestem het, in die openbaar en persoonlik in die harte van die gelowiges beseël moet word. Dit kan slegs deur die prediking gebeur.

## 15. *Die Roomse bieg*

Maar wat doen Roomse teoloë? Hulle bepaal dat almal van beide geslagte ten minste een maal per jaar al hulle sondes aan hulle eie priester moet bieg sodra hulle tot rypheid gekom het.[96] Hulle bepaal OS 102 verder dat 'n mens se sonde nie vergewe word tensy hy 'n vaste voorneme het om te bieg nie[97] en dat 'n mens nie in die paradys kan ingaan tensy hy die woord by die daad voeg as die geleentheid om dit te doen hom gebied word nie.[98] Hulle opvatting is dat 'n priester die sleutelmag het om 'n sondaar te ontbind of te bind. Volgens hulle[99] het Christus nie verniet gesê: "Alles wat julle bind ...," ensovoorts nie.[100] Oor hierdie mag voer hulle inderdaad 'n heftige geveg onder mekaar.

[93] Marg. *Matth. 9.a.2.* Vgl. OC 45:244 - 245.
[94] Fr. 1545 e.v.: *quelque puissance qui soit donnée à l'Eglise* (Benoit 3:113).
[95] Vgl. *Inst.* 4.11, 12.
[96] Marg. *c. Omnis utriusque sexus. De summa trinitate & fide catho. decretum est Innocentii in concilio Lateranen.* Vgl. die *Decretalia Gregorii IX*: 5.38: *De poenitentiis et remissionibus* 12 (Mansi 22:1007; Friedberg 2:887; Denzinger nr. 437, p. 204 - 205).
[97] Marg. *Resertur lib. 4. Sentent. dist. 14. cap. 2.* Vgl. Lombardus, *Sent.* 4.17.4 (MPL 192:881); Thomas a.w. 3 *suppl.* 10.1 (Marietti 4:673 e.v.).
[98] Vgl. Lombardus, *Sent. ibid.* (MPL 192:883); Thomas, a.w. 3 *suppl.* 10.3 *ad* 2 (Marietti 4:674).
[99] Marg. *Lib. 4. Sent. dist. 18. cap. 2.* Lombardus, *Sent.* 4.18.1, 2 (MPL 192:885).
[100] Marg. *Matt. 18.c.19* (*recte*: Matt. 18:18).

Sommige beweer dat daar wesenlik net een sleutel is, naamlik die mag om te bind en te ontbind en dat kennis wel vereis word vir die goeie aanwending daarvan, maar dat dit dan nie wesentlik daarvan afhanklik is nie maar slegs 'n bykomstigheid is.[101] Omdat ander weer gesien het dat dit 'n te teuellose losbandigheid tot gevolg sou hê, het hulle twee sleutels bedink, naamlik onderskeidingsvermoë en mag.[102] Omdat nog ander gesien het dat die onbeskaamdheid van die priesters deur so 'n beperking aan bande gelê word, het hulle ander sleutels gesmee, naamlik die gesag om te onderskei wat hulle in die bepaling van hulle strawwe kon toepas, en die mag wat hulle in die uitvoering van hulle vonnisse kon uitoefen. Volgens hulle kom kennis soos 'n raadgewer hierby. Hulle waag dit egter nie om *om te bind en te ontbind* doodeenvoudig te vertolk as *om sonde te vergewe en uit te wis* nie. Hulle hoor immers dat die Here by die profeet uitroep: "Ek is, en daar is geen ander behalwe Ek nie: Dit is Ek, dit is Ek wat jou ongeregtighede OS 103 uitwis, o Israel".[103] Maar hulle beweer dat dit die priester se taak is om aan te kondig wie gebind en wie ontbind is en te verklaar wie se sondes vergewe of gehou is. Hulle beweer dat hy dit verklaar òf deur die bieg OC 469 wanneer hy sondes vergewe òf dit hou;[104] òf deur sy vonnis wanneer hy iemand in die ban doen, òf weer in die gemeenskap van die sakramente opneem.[105] Uiteindelik besef hulle dan dat hulle hulle nog nie uit hierdie kraaines losgewoel het, sonder dat die beswaar altyd geopper kan word dat mense wat dit nie verdien nie, dikwels deur hulle eie priesters gebind of ontbind word en daarom nie in die hemel gebind of ontbind word nie. Hierop antwoord hulle dan - en dit is hulle laaste uitvlug - dat die toekenning van die sleutelmag met die volgende beperking verstaan moet word, naamlik dat Christus beloof het dat die vonnis van 'n priester wat regverdig volgens die eise van die verdienste van die mense wat gebind of ontbind is, gevel is, voor sy regterstoel goedgekeur sal word.[106] Verder verklaar hulle dat hierdie sleutels deur Christus aan al hulle priesters gegee is en dat dit in hulle bevordering deur die biskoppe aan hulle oorgedra word.[107] Hulle sê egter dat die vrye gebruik daarvan slegs by die priesters berus wat kerklike ampte verrig.

[101] Alexander van Hales en Albertus Magnus vermeld die opvatting maar verwerp dit (OS 4:102). Vgl. ook Thomas, a.w. 3 *suppl.* 25.2 (Marietti 4:726 e.v.); Bonaventura, *Sent.* 4.20.1.2.13 (OOB 4:468 - 482); Beda, *In Matth.* 16:19 (MPL 92:79).

[102] 1536 - 1550: + Marg. *Postremo opinio fuit Hugonis.* Vgl. Hugo de St. Vict., *Summa sent.* 6.14 (MPL 176:152); Thomas, a.w. 3 *suppl.* 17.3 (Marietti 4:698); Duns Scotus, *In sent.* 4.18.1 (OOD 9:347 - 352).

[103] Marg. *Iesa. 43.b.11 et d.25.* Vgl. OC 37:89 - 90, 99 - 100 en Lombardus, *Sent.* 4.18.4 (MPL 192:886).

[104] *Ibid.* 4.18.6 (MPL 192:887); Occam, *Sent.* 4.8.9; Duns Scotus, *In sent.* 4.19.1.4, 5, 6 (OOD 9:347, veral 357 e.v.).

[105] Vgl. Lombardus, *Sent.* 4.18.7 (MPL 192:888).

[106] *Ibid.* 4.18.8 (MPL 192:888).

[107] *Ibid.* 4.18.6 - 9; 4.19.1, 2 (MPL 192:887 - 890).

Die sleutels bly volgens hulle wel by priesters wat verban of geskors is, maar dan is dit verroeste sleutels wat vasgebind is.[108] Die mense wat hierdie bewerings maak, kan wel meer gematig en nugter as die ander lyk, omdat hulle nuwe sleutels op 'n nuwe aambeeld gesmee het om daarmee volgens hulle leer die skatte van die kerk toe te grendel.[109] Ons sal dit later op die regte plek daarvoor ondersoek.[110]

### *'n Bespreking van die Roomse dwaling en wanpraktyke in verband met die bieg (Afdeling 16 - 25)*

### 16. *Dit is onmoontlik om al jou sondes op te noem*

Op elkeen van hulle bewerings sal ek nou met 'n paar woorde antwoord. Vir die huidige verswyg ek egter die reg of onreg waarmee hulle die gemoedere van gelowiges met hulle wette vasbind. Dit sal immers op die regte plek daarvoor ondersoek word.[111] Dit is egter ondraaglik dat hulle 'n wet neerlê in verband met die vermelding van al 'n mens se son- OS 104
des;[112] dat hulle beweer dat 'n mens se sonde nie vergewe word tensy dit onder die voorwaarde is dat hy die vaste voorneme het om te bieg nie;[113] dat hulle klets dat 'n mens nie in die paradys kan ingaan as hy 'n geleentheid om te bieg verby laat gaan nie.[114] Dit moet ons inderdaad glad nie duld nie!

Moet 'n mens dan al sy sondes opnoem? Maar Dawid wat die belydenis van sy sondes na my mening deeglik deurdink het, het tog uitgeroep: "Wie sal my afdwalinge verstaan? O Here, reinig my van my verborge dwalinge".[115] Elders sê hy ook: "My ongeregtighede het oor my kop gegaan en soos 'n swaar las het hulle te swaar geword vir my kragte".[116]

[108] Vgl. Thomas, a.w. 3 *suppl.* 19.6 (Marietti 4:707).

[109] Vgl. Thomas, a.w. 3 *suppl.* 25.2 *ad* 1 (Marietti 4:727); Bonaventura, *In sent.* 4.17.1.1.4 (OOB 4:423 e.v.; 488 - 491); Clemens VI, *Constitutio 'Unigenitus'* 1343: *Extravagantes communes* 5.92 (Friedberg 2:1304; Denzinger nr. 550, p. 233 - 234). Die leer in verband met die *skat van die kerk - thesaurus ecclesiae* - is deur Alexander van Hales geformuleer (*Summa theol.* 4.83.1.1.3.5) en deur Thomas en ander hersien. Sover dit die jurisdiksie oor die sleutelmag aangaan, was daar uiteenlopende opvattings. Die leerstelling is bondig saamgevat in die Pous Clemens se *Constitutio* hierbo. Vgl. Bettenson, *Documents* 182 e.v. Omdat die skat uit die vergote bloed van Christus, die verdienstes van die moeder van Christus en al die uitverkorenes gevul word, is dit onuitputlik. Luther het hierdie leer van 1517 af betwis terwyl Roomse apologete dit heftig verdedig het (Vgl. Io. Fischer Roffensis, *Assert. Luth. confutatio* 1523).

[110] Vgl. *Inst.* 3.5.2 (Afr. vert. 3:860).

[111] Vgl. *Inst.* 4.10.

[112] Vgl. n. 96 hierbo en Eugenius, *Bulla IV: Exultate Deo* in die Konsilie van Trente 1439 (Mansi 31:1057; Denzinger 699).

[113] Vgl. n. 98 (Afr. vert. 3:823). hierbo.

[114] *Ibidem.*

[115] Marg. *Psal. 19.d.13.* Vgl. OC 31:204 - 206.

[116] Marg. *Psal. 38.a.5.* Vgl. ook Ps. 37:5 Vg. en OC 31:387 - 388.

Hy het wonderbaarlik begryp hoe groot die afgrond van ons sondes was, hoe menigvuldig die voorkoms van ons oortredings en hoeveel koppe en hoe 'n lang stert hierdie slang saamsleep. Hy lê hom dus nie daarop toe om 'n lys van sy sondes op te stel nie, maar hy roep uit die diepte van sy kwaad tot die Here: "Ek is toegegooi, ek is begrawe, ek is versmoor. Die poorte van die hel het my omring;[117] ek gaan ten onder in 'n diep put; ek vergaan en ek sterf - laat u hand my uittrek".[118] Wie sou nou aan 'n optelsom van sy sondes dink wanneer hy sien dat Dawid syne nie kan bereken nie?

## 17. *Volle belydenis loop op eindelose foltering uit*

Met hierdie martelmasjien[119] is die siele van mense wat 'n gevoel van God ondervind het, meer as wreed gekwel. Ten eerste roep hulle hulleself tot verantwoording. Hulle het hulle sondes volgens die formules van die priesters in arms, takke, sytakke en blare aan repe gesny.[120] Daarna het hulle die eienskappe, die hoeveelhede en omstan- OC 470
dighede daarvan opgeweeg.[121] En die saak het weliswaar weinig vordering gemaak. Toe hulle inderdaad 'n bietjie verder gevorder het, was daar oral net hemel en oral net see.[122] Daar was geen hawe, geen rusplek nie. Hoe meer sondes hulle oorgesteek het, hoe groter was die hoop sondes wat voor hulle oë opgedoem het - of liewer, hulle het soos hoë berge opgekom. Hulle het geen hoop gehad om ten minste na hulle lang swerftogte uitkoms te vind nie. Tussen die duiwel en die diepblou OS 105
see[123] het hulle bly twyfel. A 208

Ten einde raad kon hulle geen ander uitkoms as wanhoop vind nie.[124] Daar het hulle wrede folteraars sekere medisyne voorsien om die wonde wat hulle veroorsaak het, te verlig, naamlik dat hulle elkeen moes doen soveel as wat hy kon. Maar nuwe bekommernisse het weer op hulle afgedruis. Ja, nuwe foltering het hulle armsalige siele kaalgestroop: "Ek het nie genoeg tyd daaraan bestee nie; ek het nie grondige aandag daaraan gegee nie; ek het uit onverskilligheid baie sondes oorgeslaan, en my vergeetagtigheid wat uit my onverskilligheid spruit, kan nie verskoon word nie". Hierby het hulle nog ander dwelmmiddels aange-

117 Vgl. Ps. 18:6; 17:6 Vg. en ook Calvyn se kommentaar oor vers 5 (OC 31:172 - 173).

118 Vgl. Ps. 69:2 - 3 15 - 16 (OC 31:637 - 638, 644 - 645).

119 *Carnificina.* Ook Luther en Melanchthon het die Roomse leer in verband met die bieg bestry omdat dit onnodige gewetenswroeging tot gevolg gehad het. Vgl. WA 1:542 e.v. en CR 21:493 - 501.

120 Fr. 1541: *selon les distinctions des docteurs confessionaires* (Benoit 3:115).

121 Vgl. Lombardus, *Sent.* 4.16.1 (MPL 192:877 e.v.); Bonaventura, *In sent.* 4.16.1.7; 4.17.3.2.3 (OOB 4:399, 461 e.v.).

122 Vgl. Vergilius, *Aeneïs* 3.193 (LCL *Vergilius* 1:360).

123 *inter sacrum et saxum.* Vgl. Plautus, *Captivi* 617 (LCL *Plautus* 1:522).

124 Vgl. Lombardus, a.w. 4.16.1 (MPL 192:877); Bonaventura, *Comment. sent.* 4.17.3.2.3 (OOB 4:461).

dra om sulke smarte te versag: "Bieg jou onverskilligheid en dit sal vergewe word mits dit opreg is". Maar al hierdie middels kan hulle wonde nie versluier nie, en hulle is nie soseer verligting vir die kwaad aangebied nie, as gif wat in heuning versteek is om nie met hulle bitterheid aanstoot te gee wanneer hulle die eerste keer daaraan proe nie. Maar hulle dring diep binne-in voordat sondaars dit kan agterkom. Die verskriklike woorde laat hulle dus geen rus nie en weerklink altyd in hulle ore: "Bieg al jou sondes!" En hierdie verskrikking kan nie tot rus kom behalwe deur gewisse troos nie.

Hier moet my lesers daaroor nadink of dit moontlik is om van al die gebeurtenisse van 'n hele jaar rekenskap te gee en om al hulle sondes op een enkele dag op te noem. Want die ervaring oortuig elkeen van ons dat ons geheue faal wanneer ons in die aand die sondes van net elke dag afsonderlik moet ondersoek - so 'n groot massa en verskeidenheid sondes doem dan voor ons op. En nou praat ek nie van growwe onnosele veinsers wat reken dat hulle hulle plig gedoen het as hulle drie of vier ernstiger sondes opgemerk het nie. Nee, ek praat van waaragtige dienaars van God. Nadat hulle hulleself ondersoek het en sien dat hulle deur hulle sondes oorlaai is, voeg hulle daarby nog die woorde van Johannes: "As ons hart ons veroordeel, God is meer as ons hart".[125] Hulle begin dus bewe wanneer hulle die Regter sien wie se kennis ons eie begrip ver oortref.

## 18. *Kritiek teen die oorbieg*

'n Groot deel van die wêreld was egter wel tevrede met sulke lekkernye hoewel dit met so 'n dodelike gif vermeng was. Dit het nie gebeur omdat mense geglo het dat dit God, of selfs hulleself, tevrede gestel het nie, maar dat hulle as 't ware in die middel van die see anker kon uitgooi en 'n rukkie van hulle vaart kon rus of dat hulle soos moeë, uitgeputte reisigers langs die pad kon gaan lê.[126] Ek gaan my nie daarmee vermoei om dit geloofwaardig te maak nie, want elkeen kan vir homself daarvan getuig.

Ek sal kortliks sê watter soort wet dit was. Ten eerste is dit doodeenvoudig 'n onmoontlike wet. Daarom kan dit niks anders doen as om sondaars te verderf, te verdoem, te verwar en in die verderf en wanhoop in te stort nie. Ten tweede neem dit die ware begrip van hulle sondes OS 106
van sondaars af weg en maak van hulle veinsers en mense wat God en hulleself nie ken nie. Want terwyl hulle hulle ten volle daarmee besig

[125] Marg. *1. Iohan. 3.d.20.* Vgl. OC 55:342 - 343.

[126] Fr. 1541 e.v.: *en telle manière ils prenoyent ce repos, combien qu'il ne leur fust suffisant* (Benoit 3:117).

hou om 'n optelsom van hulle sondes te maak, vergeet hulle intussen die rioolsloot van gebreke wat daar skuil,[127] hulle verborge ongeregtigheid en innerlike gemors wat hulle besonderlik moes leer ken en OC 471
waarmee hulle oor hulle ellende moes nadink. Maar die sekerste reël van belydenis sou gewees het om te erken en te sê dat die afgrond van ons kwaad so groot is dat dit ook ons begrip te bowe gaan. Ons merk dat die tollenaar se belydenis volgens hierdie reël ingestel was wanneer hy sê: "O Here, wees my, sondaar genadig!"[128] Dit is net asof hy gesê het: "Ek is 'n sondaar so groot as wat ek is en ek kan die grootte van my sondes nie met my verstand of my tong weergee nie. Laat die diepte van u barmhartigheid hierdie afgrond van my sondes verswelg".

Iemand sal vra: Waarom moet ons dan nie elke sonde afsonderlik bieg nie? Is geen belydenis dan vir God aanvaarbaar as dit nie die woorde: "Ek is 'n sondaar" insluit nie? Die teendeel is waar: ons moet trouens sorg dat ons sover dit binne ons vermoë is, ons harte ten volle voor die Here uitstort. Ons moet nie alleen in een woord erken dat ons sondaars is nie, maar ook waarlik en van harte erken dat ons so is. Met al ons gedagtes moet ons daaroor nadink hoe groot en uiteenlopend die skandvlek van ons sondes is. Ons moet daaroor nadink, nie alleen dat ons onrein is nie maar ook hoedanig en hoe groot ons onreinheid is en in hoeveel opsigte. Ons moet daaroor nadink nie alleen dat ons skuldenaars is nie, maar ook met watter groot skulde ons belas is en aan hoeveel skuld ons gebind is. Ons moet daaroor nadink dat ons nie alleen gewond is nie maar ook deur hoeveel en met watter dodelike wonde ons verwond is.

Wanneer 'n sondaar nogtans hieroor nagedink het en homself ten volle voor God uitgestort het, moet hy ernstig en opreg daaroor nadink dat daar dan nog baie sondes oorbly en dat die skuilplekke van sy kwaad vir hom te diep is om volledig uit te grawe. Daarom moet hy ook saam met Dawid uitroep: "Wie verstaan sy dwalings? O Here, reinig my van my verborge dwalings".[129] Nou mag ons inderdaad hoegenaamd nie aan hulle verklaring toegee dat 'n mens se sondes nie vergewe word tensy hy die vaste voorneme het om dit te bieg nie en dat die poort van die paradys gesluit bly vir iemand wat die geleentheid om te bieg in die wind slaan as dit hom gebied word. Want vergewing van sondes is nie nou anders as wat dit altyd was nie. Van al die sondaars wat vergewing van hulle sondes van Christus gekry het, lees ons nie dat hulle in die oor van die een of ander priestertjie gebieg het nie.[130] Hulle kon trouens nie

[127] Fr. 1541 e.v.: *ils oublient le secret abysme de vice qu'ils ont au profond du coeur* (Benoit 3:117).

[128] Marg. *Luc. 18.c.13.* Vgl. OC 45:420.

[129] Marg. *Psal. 19.d.13.*

[130] Fr. 1541 e.v.: *de quelque messire Iean* (Benoit 3:118).

bieg nie, want daar was toe nog geen biegpriester nie, en die bieg self het nie bestaan nie. En vir baie eeue daarna is niks van hierdie bieg gehoor nie, hoewel mense se sondes nog sonder hierdie voorwaarde OS 107 vergewe is.

Maar laat ons nou nie langer hieroor twis asof dit 'n onderwerp is waaroor twyfel bestaan nie. Die Woord van God wat ewig bly, is duidelik. Daar staan geskrywe: "So dikwels as wat die sondaar sug, sal Ek sy ongeregtighede nie onthou nie".[131] Iemand wat waag om by hierdie woorde iets by te voeg, bind nie die sondes nie maar lê die barmhartigheid van die Here aan bande. Want die antwoord op hulle bewering dat 'n mens nie 'n oordeel kan vel as die saak vir jou onbekend is nie,[132] is voor die hand liggend, naamlik dat die mense wat hulleself as regters aangestel het, die taak sonder gronde vir hulleself toegeëien het. Dit is tog verbasend dat hulle so onbesorg vir hulleself grondbeginsels smee wat niemand met gesonde verstand sal toelaat nie. Hulle roem daarop dat die amp om te bind en te ontbind aan hulle toevertrou is, net asof dit jurisdiksie is wat aan 'n regsondersoek verbind is. Maar die apostels se hele leer roep uit dat hulle hierdie reg nie geken het nie. En om vir seker te weet of 'n sondaar vergewe word, hang trouens nie van 'n priester af nie maar van God,[133] van wie vergiffenis gevra word. Die een wat die A 229 bieg aanhoor, kan immers nooit weet of 'n sondaar sy sondes reg en ten OC 472 volle opgenoem het nie. So sou daar geen vergiffenis kon wees as dit slegs beperk is tot die woorde van die een wat geoordeel moet word nie. Hierby kom nog dat die wyse van kwytskelding ten volle berus op die geloof en berou (van die een wat om kwytskelding vra).[134] Dit is twee sake waarvan 'n mens nie kennis kan dra wanneer hy 'n uitspraak oor iemand anders moet vel nie. Dit volg dus dat die sekerheid oor binding of kwytskelding van sondes nie binne die oordeel van 'n aardse regter geleë is nie, omdat 'n bedienaar van die woord iemand slegs voorwaardelik kan kwytskeld as hy sy plig na behore nakom. Dit volg egter ook dat die woorde: "Wie se sonde julle vergewe",[135] ter wille van sondaars gesê word sodat hulle nie moet twyfel dat die genade wat op God se bevel en volgens sy woorde aan hulle belowe word, in die hemel vas en seker sal wees nie.

## 19. *Besware teen die oorbieg*

Dit is dus geen wonder as ons daardie oorbieg, iets wat so verderflik en

[131] Marg. *Ezech. 18.e.21.* Vgl. ook die daaropvolgende verse en die Vg., asook OC 40:443 e.v.

[132] Fr. 1560: + *et pourtant qu'un prestre ne peut absoudre devant que d'avoir entendu le mal* (Benoit 3:118). Vgl. Thomas, a.w. 3 *suppl.* 6.1 (Marietti 4:650).

[133] Fr. 1560: *assavoir à Dieu* (Benoit 3:118).

[134] Fr. 1560: *de celuy qui demande pardon* (Benoit 3:118).

[135] Vgl. Joh. 20:23.

in soveel opsigte skadelik vir die kerk is, verdoem en tot niet gemaak wil hê nie. As dit dan nog 'n middelmatige saak was, wie sou nie reken dat dit onmiddellik beëindig moet word, omdat dit tog geen nut of voordeel inhou nie en soveel goddeloosheid, heiligskennis en dwalings veroorsaak het? Hulle noem wel enkele voordele daarvan op om dit as baie voordelig te versmous. Die voordele is egter versin of hoegenaamd van geen waarde nie. Hulle prys slegs een voordeel met besondere voorrang aan, naamlik dat die skaamte van die een wat bieg, 'n swaar straf vir hom is, waardeur 'n sondaar in die toekoms ook versigtiger word en God se wraak voorkom deur homself te straf.[136] Net asof ons die mens nie met groot genoeg skaamte nederig maak wanneer ons hom voor die hoogste hemelse regbank, dit is, sê ek, voor die ondersoek van God, daag nie. Dit OS 108
is inderdaad pragtige vordering as ons ophou om te sondig omdat een mens hom skaam, maar ons ons nie skaam om God as Getuie van ons slegte gewete te hê nie![137]

Tog is dit ook heeltemal vals. Want ons kan oral sien dat niks ter wêreld groter selfvertroue of teuelloosheid om te sondig kan veroorsaak as wanneer mense voor 'n priester bieg en dan dink dat hulle hulle monde kan afvee en sê: "Ek het nie sonde gedoen nie".[138] Hulle word dan nie alleen die hele jaar vermeteler om te sondig nie, maar vir die res van die jaar bekommer hulle hulle nie oor die bieg nie en slaak nooit versugtinge tot God nie. Hulle kom nooit tot inkeer nie maar stapel sondes op sondes totdat hulle al hulle sondes, soos hulle dink, tegelyk kan uitbraak. Wanneer hulle dit dan uitgebraak het, verkeer hulle onder die indruk dat hulle van hulle las verlos is en dat hulle die oordeel van God af oorgedra het en aan 'n priester oorgelaat het. Hulle dink dat God hulle sondes vergeet het wanneer hulle dit aan 'n priester bekend gemaak het.

Verder, wie is daar wat bly is wanneer hy sien dat die dag nader kom waarop hy moet bieg? Wie is daar wat met opgewektheid gaan om te bieg? Kom 'n mens nie eerder teensinnig soos een wat hom verset asof hy 'n halsband dra en 'n tronk toe gesleep word nie? Behalwe miskien hulle offerpriesters self wat vir mekaar hulle skelmstreke vertel asof dit grappige fabels is waarmee hulle hulle lustig vermaak. Ek sal nie baie bladsye daarmee bemors om die gruwelike afstootlikhede te vertel waarvan hulle oorbieg tot oorlopens toe vol is nie. Ek sê net dat as die heilige man[139] wat die bieg vanweë een enkele gerug van hoerery uit sy kerk, of eerder uit die heugenis van sy lidmate verban het, nie ondeur-

[136] 1536: + Marg. *Lib. 4. sent. 17.c.4.* Lombardus, a.w. 4.17.4, 6 (MPL 192:882, 885).
[137] Vgl. Tertullianus, *De paen.* 10 (CCSL 1:337).
[138] Vgl. Spr. 30:20.
[139] Dit is Nectarius. Vgl. afdeling 7, n. 57 (Afr. vert. 3:815) hierbo.

dag opgetree het nie, word ons vandag vermaan wat ons te doen staan met die eindelose hoerery, owerspel, bloedskande en bordele. OC 473

## 20. *Hulle beroep hulle sonder gronde op die sleutelmag*

Ons moet nog ondersoek instel na hoe geldig dit is dat hulle die sleutelmag voorhou en dat hulle, soos die spreekwoord lui, die voor- en agterstewe[140] van hulle biegvaders en hulle heerskappy daarop bou. Hulle vra: "Is die sleutel(mag) dan sonder rede gegee? Is daar dan sonder rede gesê: 'Alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbind wees?'[141] Maak ons die woorde van Christus dan doelloos"?[142] My antwoord daarop is dat daar 'n gewigtige rede is waarom die sleutels gegee is, soos ek so pas verduidelik het,[143] en weer vollediger sal leer wanneer ons die ban behandel.[144] Maar wat daarvan as ek met net een OS 109
hou die greep wat hulle met al hulle eise het, afkap, naamlik dat hulle priestertjies nie die apostels se plaasvervangers of opvolgers is nie? Dit is trouens 'n vraag wat ons ook elders moet behandel.[145] Nou rig hulle 'n stormram op waarmee hulle hulle besonderlik wil verskans, maar daardeur word al hulle verskansings juis omvergegooi. Christus het immers nie die mag om te bind en te ontbind aan sy apostels gegee voordat Hy die Heilige Gees aan hulle gegee het nie. Ek verklaar dus dat niemand die sleutelmag het voordat hy die Heilige Gees ontvang het nie. Ek sê dat niemand die sleutels kan gebruik tensy die Heilige Gees hom voorgaan, leer en voorsê wat hy moet doen nie. Hulle klets wel dat hulle die Heilige Gees het,[146] maar in werklikheid ontken hulle dit - behalwe miskien as hulle hulle verbeel, soos hulle hulle wel verbeel, dat die Heilige Gees iets vaags van geen belang is nie. Dan sou die mense hulle egter nie geglo het nie.

En met hierdie aanvalswapen word die mat heeltemal onder hulle uitgeruk, naamlik dat ons hulle nog altyd moet vra of hulle die Heilige Gees het wat die Beskikker en Beheerder van die sleutels is, van watter deur hulle hulle ook al beroem dat hulle die sleutel het. As hulle sou antwoord dat hulle wel die Heilige Gees het, moet ons hulle weer in die rede val en vra of die Heilige Gees kan dwaal. Dit sal hulle nie waag om openlik te erken nie, hoewel hulle dit bedektelik in hulle leer suggereer. Ons moet dus aflei dat geeneen van hulle priesters die sleutelmag

[140] Vgl. Cicero, *Ad fam.* 16.24.1 (LCL 3:374).
[141] Marg. *Matt. 18.c.18.* Vgl. ook Matt. 16:19.
[142] Vgl. Lombardus, a.w. 4.17.4 en 6 (MPL 192:882 e.v., 885).
[143] Vgl. *Inst.* 3.4.14 (Afr. vert. 3:821) hierbo.
[144] Vgl. *Inst.* 4.12.
[145] Vgl. *Inst.* 4.2.
[146] Vgl. Lombardus, a.w. 4.18.5 (MPL 192:887).

het nie, hoewel hulle oral sonder onderskeid die sondes ontbind wat die Here wou bind, en die bind waarvan die Here beveel het dat hulle ontbind moet word.

## 21. *Onsekerheid kenmerk die oorbieg*

Wanneer hulle merk dat hulle met die duidelikste bewyse aan die kaak gestel word, dat hulle mense wat dit waardig sowel as onwaardig is, sonder onderskeid kwytskeld en bind,[147] misbruik hulle die mag sonder om kennis van die saak te neem.[148] En hoewel hulle nie waag om te ontken dat kennis vir die goeie aanwending van die sleutelmag nodig is nie,[149] skryf hulle nogtans dat hierdie mag ook aan slegte beskikkers gegee is.[150] Tog is hierdie mag: "Alles wat jy op die aarde bind of kwytskeld, sal in die hemel gebind of ontbonde wees".[151] Maar dan moet Christus se belofte 'n leuen wees of die wat hierdie mag gekry het, bind en skeld tereg kwyt.[152] Hulle het ook geen grond om te daarmee probeer ontkom dat Christus se woorde beperk word volgens die verdienstes van A 230 die een wat gebind of kwytgeskeld word nie.

Van ons kant af erken ons ook dat slegs mense wat waardig is om gebind of kwytgeskeld te word, gebind of kwytgeskeld kan word. Maar die boodskappers van die evangelie en die kerk het die Woord waarmee hulle hierdie waardigheid kan meet. In hierdie Woord kan boodskappers van die evangelie nou aan almal vergiffenis van sondes in Christus deur die geloof belowe. Hulle kan 'n vloek uitspreek teen en oor almal OC 474 wat Christus nie omhels nie. In hierdie woord verkondig die kerk dat OS 110 hoereerders, owerspeliges, diewe, moordenaars, gieriges en onregverdiges geen deel in die koninkryk van God het nie.[153] Dit bind sulke mense ook met die sterkste bande. Met dieselfde Woord skeld Hy mense kwyt wat Hy troos wanneer hulle hulle bekeer. Maar watter soort mag is dit wat nie weet wat gebind of wat kwytgeskeld moet word nie? Wat nie in staat is om te bind of kwyt te skeld tensy 'n mens weet nie? Waarom beweer hulle dan dat hulle kwytskeld volgens die gesag wat aan hulle gegee is, hoewel die kwytskelding onseker is? Wat is die doel van hierdie denkbeeldige mag vir ons as dit geen nut het nie?

Nou het ek reeds reggekry om aan te wys òf dat dit geen nut het nie òf dat dit so onseker is dat ons dit as van geen nut moet beskou nie. Want wan-

[147] *Ibid.* 4.18.8 (MPL 192:888).
[148] *Ibid.* 4.19.3 (MPL 192:890).
[149] *Ibid.* 4.19.1 (MPL 192:889).
[150] *Ibid.* 4.19.3 (MPL 192:890).
[151] Vgl. Matt. 16:19.
[152] Vgl. Lombardus a.w. 4.18.8 (MPL 192:888).
[153] Marg. *1. Cor. 6.b.9.* Vgl. ook die daaropvolgende verse (OC 49:392 e.v.).

neer hulle erken dat 'n groot deel van hulle priesters die sleutels nie na behore gebruik nie,[154] en dat die mag sonder die behoorlike gebruik daarvan ondoeltreffend is,[155] wie sal my dan daarvan verseker dat die priester deur wie ek kwytgeskeld word, 'n goeie bedienaar van die sleutels is? As so 'n priester egter 'n slegte bedienaar is, wat het hy anders as waardelose gebruik daarvan? "Ek weet nie wat in jou gebind of kwytgeskeld moet word nie omdat ek nie wettige gebruik van die sleutels het nie; maar as jy dit verdien, skeld ek jou kwyt." Maar dit sou - ek sê nie 'n leek nie, want dit sal hulle ore nie kan verdra nie - 'n Turk of die duiwel kon doen. Want dit beteken maar net om te sê: "Ek het nie die Woord van God, wat 'n vaste reël is om (sondes) kwyt te skeld nie, maar die gesag is aan my gegee om jou kwyt te skeld as jou verdienstes so is".

Ons sien dus waarop hulle mik wanneer hulle verklaar het dat die sleutels die gesag is om te onderskei en die mag om dit uit te voer; dat kennis bykom as 'n raadgewer en dat dit soos 'n raadgewer op die goeie gebruik daarvan gerig is.[156] Hulle wil naamlik willekeurig en ongebonde sonder God en sy Woord heers.

## 22. *Die bevoegdheid van priesters om kwytskelding te verleen*

Iemand sou die beswaar kon opper dat wettige dienaars van Christus ewe veel verward in hulle amp sou wees omdat hulle kwytskelding wat altyd van die geloof afhang, onseker sal wees en dat sondaars verder geen troos of in elk geval onbeduidende troos sal hê omdat 'n bedienaar wat self nie 'n bekwame beoordelaar van hulle geloof is nie, onseker is oor hulle kwytskelding. Die oplossing vir die besware is egter voor die hand liggend. Hulle[157] beweer immers dat 'n priester slegs die sondes vergewe wat hy self ondersoek het.[158] Volgens hulle hang vergewing van sondes dus van die oordeel van priester af. As hy nie verstandig onderskei wie vergiffenis waardig is nie, is sy hele optrede waardeloos en tevergeefs. OS 111

Kortom: die mag waarvan hulle praat is die jurisdiksie om ondersoek in te stel en tot hierdie ondersoek word vergiffenis en kwytskelding beperk.[159] Hierin is daar niks bestendigs te vind nie; inteendeel, dit is 'n bodemlose afgrond! Want wanneer die bieg nie opreg is nie, is die hoop

[154] Vgl. Lombardus, a.w. 4.19.1 (MPL 192:889).

[155] *Ibid.* 4.19.5 (MPL 192:892).

[156] Vgl. *Inst.* 3.3.18 (Afr. vert. 3:791 e.v.).

[157] Fr. 1560: *les Papistes* (Benoit 3:122).

[158] Vgl. Thomas, a.w. 3 *suppl.* 6.1 (Marietti 4:650 e.v.); Konsilie van Trente (1551): *Doctr. de poenit. sacramento* 5 (Mansi 33:91 e.v.; Denzinger, nr. 899, p. 315 - 316).

[159] Vgl. Thomas, a.w. 3 *suppl.* 17.3 (Marietti 4:698).

op vergiffenis ook vermink.[160] Verder moet die priester self noodwendig bly twyfel wanneer hy nie weet of 'n sondaar sy kwaad te goeder trou vermeld het nie. Uiteindelik is die onkunde en onervarendheid van priesters so groot dat die oorgrote meerderheid vir die uitoefening van hierdie amp net so min geskik is as 'n skoenmaker om te boer. Oor die algemeen moet al die ander hulleself tereg hiervan verdink. Die verwarring en twyfel oor die pouslike kwytskelding ontstaan dus omdat OC 475
hulle dit in die persoon van die priester wil inbed; en nie alleen dit nie, maar ook van sy kennisname, sodat hy alleen oor die dinge wat aan hom voorgelê word, ondersoek instel, gevolgtrekkings maak en 'n oordeel vel. As iemand hierdie goeie geleerdes sou vra of 'n sondaar met God versoen word as sommige van sy sondes vergewe is, kan ek nie sien wat anders hulle daarop kan antwoord as dat hulle gedwing word om te erken dat al 'n priester se uitsprake vrugteloos is oor die vergewing van die sondes wat hy 'n sondaar hoor opnoem het, so lank as 'n skuldige se ander sondes nie van hom weggeneem word nie. Hoe vernietigend iemand wat bieg se benoudheid is wat sy gewete vasknel, blyk duidelik daaruit dat hy niks uit God se Woord kan vasstel wanneer hy hom op die onderskeidingsvermoë van 'n priester, soos hulle sê,[161] verlaat nie. Die leer wat ons oordra, is vry van en onbelas deur al hierdie onsin. Want kwytskelding vind plaas onder die voorwaarde dat 'n sondaar vertrou dat God hom genadig is, as hy maar net opreg versoening in die offerande van Christus soek en berusting vind in die genade wat hom aangebied is. So kan niemand dwaal wat volgens sy verkondigingsamp iets wat uit die Woord van God aan hom voorgesê is, verkondig nie. 'n Sondaar kan dan inderdaad sekere en duidelike kwytskelding omhels wanneer die eenvoudige voorwaarde aan hom gestel word dat hy die genade van Christus moet omhels volgens die algemene reël van die Meester self: "Laat met jou gebeur volgens jou geloof".[162] Dit is egter 'n reël wat skaamteloos deur die pousdom geminag is.

### 23. *Skolastici se aansprake in verband met die oorbieg is vals*

Ek het belowe dat ek elders sal praat oor die dwaasheid waarmee hulle die sleutelmag wat die Skrif leer, deurmekaar krap. 'n Gepaster geleentheid hiervoor sal hom in die behandeling van die kerkregering voordoen.[163] My lesers moet nogtans onthou dat Christus se woorde gedeeltelik oor die verkondiging van die evangelie en gedeeltelik oor die

[160] *Ibid.* 3 *suppl.* 19.2 (Marietti 4:704).
[161] *Ibid.* 3 *suppl.* 17.3 (Marietti 4:698).
[162] Marg. *Matth. 9.d.29* (*recte*: Matt. 8:13). Vgl. OC 45:238.
[163] Vgl. *Inst.* 3.3.16 en 4.10 (Afr. vert. 3:789).

uitbanning[164] verkeerd verdraai word tot die geheime oorbieg. Wanneer hulle daarom voorhou dat die reg van kwytskelding aan die apostels gegee is, sodat hulle priesters dit moet beoefen deur die sondes te vergewe wat aan hulle bekend gemaak is,[165] is dit duidelik dat hulle 'n valse, ongegronde beginsel aanneem, want die kwytskelding wat die OS 112 geloof dien, is niks anders as 'n getuienis van die genade wat uit die vrye belofte van die evangelie geput is nie.[166]

Die tweede vorm van kwytskelding hang van die kerklike tug af en het niks met verborge sondes te doen nie maar dien eerder as 'n voorbeeld om openbare ontstigting van die kerk uit die weg te ruim. Die feit dat hulle van heinde en ver getuienis bymekaarskraap om te bewys dat dit nie genoeg is om sondes net vir God alleen of vir leke te bieg as 'n priester dit nie ook ondersoek nie,[167] is niks anders as stinkende en skaamtelose haarklowery nie. Want wanneer die vaders van ouds sondaars aanraai om hulle sondes voor hulle herder te ontlaai, kan dit nie as die opnoem van sondes verstaan word nie omdat dit toe nie gebruiklik was nie. Terwyl Lombardus en dergelike skrywers in elk geval verkeerd was, het hulle hulle skynbaar op vervalste boeke toegespits om eenvou- A 231 dige mense te mislei deur dit aan hulle voor te hou.

Hulle erken wel tereg dat kwytskelding van sondes altyd deur berou vergesel word en dat daar eintlik geen band bly wanneer iemand berou het[168] nie al het hy nog nie gebieg nie. Hulle beweer derhalwe dat 'n priester nie soseer die sondes vergewe as om aan te kondig en te verklaar dat die sondes wel vergewe is nie.[169] Tog dring hulle 'n growwe dwaling onder die woord ***verklaar*** aan ons op wanneer hulle die leer met 'n seremonie vervang. Dan voeg hulle egter daarby dat iemand wat alreeds vergiffenis voor God gekry het, voor die oë van die kerk kwytgeskeld OC 476 word.[170] Hulle trek dit onpaslik deur vir elkeen se besondere gebruik wat, soos ek reeds gesê het, vir die algemene tug bestem is wanneer aanstoot vir 'n baie ernstige en opsienbarende oortreding uit die weg geruim moet word. Maar 'n bietjie later werp hulle hierdie matigheid omver en bederf dit wanneer hulle 'n ander manier van vergewing

[164] Vgl. Matt. 16:19; 18:15 - 18; Joh. 20:23.

[165] Vgl. die Konsilie van Trente (Mansi 33:94 - 95) in verband hiermee.

[166] Fr. 1560: + *pour annoncer aux pécheurs que Dieu leur a fait mercy* (Benoit 3:123).

[167] Vgl. Lombardus, a.w. 4.17.4, 5; 4.18.6, 7 (MPL 192:882 e.v., 887 e.v.). Volgens Barth en Niesel (OS 4:112, n. 1) steun Lombardus sterk op Pseudo-Augustinus, *Serm.* 351.4.9 (MPL 39:1545); *De vera et falsa poenit.* 10.25; 11.26; 12.27 (MPL 40:1122 e.v.); *Decr. Grat. II: De poenit.* 33.3.49, 89 (Friedberg 1:1170, 1189; MPL 187:1535, 1562); Augustinus, *Ep.* 54 (*Ad Ianuarium*) 3.4 (MPL 33:201; CCSL 34:162 - 163)); Leo 1, *Ep.* 108.2; *Ep.* 168.2 (MPL 54:1011 e.v., 1210 e.v.); Beda Venerabilis, *In Iac.* 5.16 (MPL 93:39).

[168] Fr. 1560: *quand le pécheur est touché au vif* (Benoit 3:123).

[169] Vgl. *Inst.* 3.3.15 (Afr. vert. 3:787).

[170] Vgl. Lombardus, a.w. 4.18.6 (MPL 192: 887).

daarby voeg, naamlik met oplegging van straf en voldoening.[171] Daarin eien hulle op grond van hulle offers hulle die reg toe om die helfte te neem van dit wat God oral ten volle aan ons beloof het. Aangesien Hy immers doodeenvoudig net berou en geloof van ons eis, is hierdie verdeling of uitsondering reëlreg heiligskennis. Want dit het dieselfde betekenis asof 'n priester in die persoon van 'n owerste teen God stem[172] OS 113
en Hom nie wil toelaat om iemand uit louter milddadigheid in genade aan te neem nie tensy hy homself eers plat voor die regbank van sy owerste neergewerp het[173] en daar gestraf is.

## 24. *Samevatting*

In die geheel kom dit op die volgende neer: As hulle God die Skepper van hierdie versonne bieg wil maak, word hulle onkundigheid aan die kaak gestel. Soos ek aangetoon het, vervals hulle die handjievol aanhalings wat hulle bied. Aangesien dit trouens duidelik is dat dit 'n wet is wat deur mense opgelê is, sê ek ook dat dit 'n tirannieke wet is wat ingestel is om God te veronreg. Hy verbind ons gewete immers met sy Woord en dit is sy wil dat ons gewete vry van die oorheersing van die mens moet wees. Wanneer dit wat God vry wou laat, as noodsaaklik vir die verkryging van vergiffenis voorgeskryf word, sê ek dat dit heiligskennis is wat ons glad nie moet verdra nie. Niks hoort trouens meer by God as sondevergiffenis waarin ons saligheid geleë is nie. Hierby het ek aangetoon dat hierdie dwingelandy eers ingevoer is toe die wêreld deur 'n afstootlike barbaarsheid onderdruk is. Hierbenewens het ek geleer dat dit 'n verderflike wet is wat arme siele in wanhoop neergooi oral waar die vrees vir God nog bestaan, of dit nog meer afstomp waar 'n onbesorgheid daarvoor is wat met leë lokmiddels streel. Laastens het ek verduidelik dat al die versagtings wat hulle aanvoer, net daarop gemik is om die suiwere leer om te keer, te verduister en te verdraai en hulle goddeloosheid met valse kleure te verf.

## 25. *Die Roomse leer van voldoening*

Die derde plek in berou ken hulle aan voldoening toe.[174] Alles wat hulle daaroor klets kan egter bondig weerlê word. Hulle beweer dat dit nie genoeg is vir iemand wat berou het om hom van sy vorige sondes te

[171] *Ibid.* 4.18.7 (MPL 192:888).

[172] Fr. 1560: *si les prestres se faisoyent contrerolleurs de Dieu* (Benoit 3:124).

[173] Fr. 1560: *sinon qu'ils soyent auparavant comparus devant leur sellette* (Benoit 3:124).

[174] Marg. *Lib. 4. Sent. Dist. 10* (1536 e.v. *recte*: 16) *c. 4.* Lombardus, a.w. 4.16.4 (MPL 192:879); vgl. Pseudo-Augustinus, *Serm.* 351.5.12 (MPL 39:1548 - 1549).

weerhou en sy sedes te verbeter as hy God nie ook vir sy vorige dade voldoening verskaf nie.[175] Hulle sê trouens dat daar baie hulpmiddels is waarmee ons ons sondes kan vrykoop. Dit is naamlik trane, vas, offers en liefdespligte. Hulle meen dat ons die Here daarmee moet versoen; dat ons daarmee ons skulde vir God se geregtigheid moet vereffen; dat ons daarmee vir ons oortredings moet betaal en dat ons daarmee vergiffenis moet verdien.[176] Want hoewel Hy ons skuld met die vrygewigheid van sy barmhartigheid vergewe het, behou Hy volgens hulle nog die straf daarvoor deur die tug van sy geregtigheid. Hulle sê dat ons hierdie straf deur voldoenings moet afkoop.[177]

Dit kom alles kortliks daarop neer: dat ons wel vergiffenis van ons sondes deur God se sagmoedigheid verkry, maar net as die verdienste van ons werk tussenbeide kom om daarmee die straf vir ons sondes te vereffen en die voldoening wat ons aan God se geregtigheid verskuldig is, te betaal. OC 477

Teenoor sulke leuens stel ek die vrye vergiffenis van sondes. In die Skrif word niks immers duideliker as dit verkondig nie.[178] Wat is vergiffenis ten eerste anders as 'n gawe van loutere milddadigheid? Want daar word nie gesê dat God 'n skuldeiser is wat met sy handtekening getuig dat ons skuld aan Hom betaal is en dat Hy ons kwytskeld nie maar dat Hy sonder betaling uit milddadigheid ons skuld uitwis. Waarom anders word daar dan verder *vrye* bygevoeg as om elke sweem van voldoening uit die weg te ruim? Met watter vertroue kan hulle dan nog hulle voldoenings verhef as dit deur so 'n kragtige weerligstraal neergevel is? Maar wat daarvan dat die Here deur Jesaja uitroep: "Ek, Ek is dit wat jou ongeregtighede uitdelg om my ontwil en ek sal jou sondes nie meer gedagtig wees nie!"[179] Verklaar Hy dan nie openlik dat Hy die oorsaak en basis van sy vergiffenis slegs uit sy goedertierenheid put nie?

Wanneer die hele Skrif daarbenewens van Christus getuig dat vergewing van sondes deur sy Naam ontvang moet word,[180] sluit dit sekerlik alle ander name uit, of hoe? Hoe leer hulle dan dat sondevergiffenis deur die woord *voldoening* vervang kan word? Hulle moet ook nie sê dat hulle hierdie naam nie aan hulle voldoenings gee, selfs as hulle as hulpmiddels tussenbeide tree nie. Want wanneer die Skrif sê: "Deur die Naam

[175] Marg. *c. non sufficit de pont.* (*recte*: 1536: *poenit.*). *Decr. Grat. II: Causa* 33.3: *De poenit.* 1.63 (Friedberg 1:1177; MPL 187:1544).

[176] Marg. *c. med. eadem disti. Ibid.* 1.76 (Friedberg 1:1180; MPL 187:1549); vgl. Ambrosius, *Sermo de Helia et jejuno* 20:75 (CSEL 32,2:458 e.v.).

[177] Marg. *C. nullus. eadem dist. Decr. Grat. II: De poenit.* 3.37 (Friedberg 1:1167); vgl. Augustinus, *De continentia* 6.15 (MPL 40:358).

[178] Marg. *Iesa. 52.a.3; Rom. 5.b.8; Colos. 2.c.14; Tit. 3.b.5.* Vgl. ook 1554: *2. Tim. 1.c9* en OC 37:244 - 245; 49:93; 52:107 e.v., 429 e.v., 352 e.v.

[179] Marg. *Iesa. 43.d.25.*

[180] Marg. *Act. 10.g.43.*

van Christus", verstaan die Skrif daaronder dat ons niks kan bydra nie, dat ons niks van ons eie kan voorhou nie maar dat ons slegs op die aanbeveling van Christus steun. Wanneer Paulus byvoorbeeld verklaar dat God die wêreld in Christus met Hom versoen het en dat Hy om sy ontwil die mense hulle oortredinge nie toereken nie,[181] voeg hy onmiddellik daarna die manier en rede by, naamlik dat Christus, wat sonder sonde was, vir ons die sonde geword het.[182]

### *Christus alleen gee voldoening vir ons sondes en vrede vir ons gewete (Afdeling 26 - 27)*

### 26. *Christus het vir ons sondes aan die kruis geboet*

Maar hoe verwronge hulle opvatting is, blyk wanneer hulle sê dat
vergewing van sondes en versoening een maal plaasvind wanneer ons in
die doop deur Christus tot die genade van God aangeneem word, maar
dat ons na die doop weer deur voldoenings moet opstaan. Hulle beweer
dat Christus se bloed dan geen voordeel inhou nie behalwe in soverre
dit deur die sleutels van die kerk uitgedeel word. Nou praat ek nie oor
iets waaroor daar onsekerheid bestaan nie. Hulle het hulle onsuiwer-
heid trouens in die duidelikste geskrifte aan die lig gebring,[183] en nie OS 115
net een of twee van hulle skrywers nie maar die hele boel Skolastici.[184]
Want nadat hulle leermeester volgens die leer van Petrus[185] bely het dat
Christus vir ons sondes aan die kruis geboet het, verbeter hy daarna sy
opvatting en voeg die uitsondering by dat al die tydelike strawwe vir ons A 232
sondes in die doop vergewe word. Na die doop word ons straf egter deur
die weldaad van boetedoening verminder. Gevolglik werk Christus se
kruis en ons boetedoening daarin saam.[186]
Johannes praat egter heeltemal anders. Hy sê: "As iemand gesondig het,
het ons 'n voorspraak by die Vader, naamlik Jesus Christus, en Hy is self
die versoening vir ons sondes. Ek skrywe aan julle, my kinders, dat julle
sondes vergewe is om sy Naam ontwil".[187] Hy praat beslis met gelowiges.
Wanneer hy Christus as Versoener vir hulle sondes aan hulle voorhou,
toon hy aan dat daar nie 'n ander vorm van voldoening is waarmee God
se toorn versoen of tevrede gestel kan word nie. Hy sê nie: "God is OC 478
eenmaal met julle versoen deur Christus. Soek dan nou vir julle ander

[181] Marg. *2. Cor. 5.d.19.* Vgl. OC 50:71 - 72.
[182] Vgl. 2 Kor. 5:21.
[183] Fr. 1541 e.v.: *en cest endroit* (Benoit 3:125).
[184] Fr. 1541 e.v.: *mais toutes leurs escoles* (Benoit 3:126).
[185] Marg. *1. Pet. 2.d.24; 1. Tim. 1.c.9* (verkeerdelik).
[186] Marg. *Lib. 3. Sent. dist. 9 (recte: 19).* Lombardus, a.w. 3.19.4 (MPL 192:797).
[187] Marg. *1. Iohan. 2.a.2 & b.12.* Vgl. ook vers 1 en OC 55:308 e.v., 315 e.v.

middels ter versoening" nie. Hy stel Christus egter as ewige voorspraak voor omdat Hy ons deur sy tussenkoms altyd in die genade van die Vader herstel tot 'n ewige versoening waardeur ons sondes versoen word. Want dit wat die ander Johannes sê is tot in ewigheid waar naamlik: "Kyk, die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem".[188] Ek herhaal: Hy self neem ons sondes weg en niemand anders nie. Dit beteken dat Hy alleen die offer vir ons sondes is, dat Hy alleen die versoening en dat Hy alleen die voldoening is omdat Hy alleen die Lam van God is.
Aangesien die reg en die mag om te vergewe waarlik net die Vader toekom wanneer Hy van die Seun onderskei word, soos ons reeds gesien het,[189] word Christus hier op 'n ander vlak gestel[190] wanneer Hy die straf wat ons verskuldig is, op Hom neem en ons skuld[191] voor die oordeel van God tot niet maak. Daaruit volg dat ons slegs aan die versoening wat deur Christus volbring is, deel sal hê as ons aan Hom die eer gee wat die mense wat probeer om God met hulle voldoenings te versoen, van Hom wegruk.

27. *Die Roomse leer ontneem Christus sy eer en ons gewete onbesorgdheid*

Hier moet ons twee aspekte oorweeg, naamlik dat die eer daarvoor ongeskonde en onverminderd vir Christus gehou moet word en dat ons gewetens onbesorg oor die vergewing van ons sonde vrede by God moet OS 116
hê.[192] Jesaja sê dat die Vader die ongeregtighede van ons almal op sy Seun gelê het sodat ons deur sy wonde genees kan word.[193] Petrus herhaal dit met ander woorde wanneer hy sê dat Christus aan die kruis ons sondes in sy liggaam gedra het.[194] Paulus skryf dat die sonde in sy vlees verdoem is toe Hy vir ons sonde geword het.[195] Dit beteken dat die krag en vloek van die sonde in sy vlees gedood is toe Hy as offerande gegee is omdat die hele massa van ons sondes met sy vervloeking en verdoeming tesame met die verskriklike oordeel van God en die verdoeming tot die dood op Hom as offer gewerp is.
Hier hoor ons glad nie die onsinnigheid dat elkeen van ons die werking van Christus se lyding na sy aanvanklike reiniging[196] slegs ervaar volgens

[188] Marg. *Iohan 1.e.36.*
[189] Vgl. *Inst.* 2.16.3 - 5 (Afr. vert. 2:660 - 665).
[190] Fr. 1560: *comme moyen* (Benoit 3:126).
[191] Fr. 1560: *la mémoire de nos offenses* (Benoit 3:126).
[192] Vgl. *Inst.* 3.13.3 (Afr. vert. 3:975).
[193] Marg. *Iesa. 53.a.4. et b.6.* Vgl. OC 37:256 e.v.
[194] Marg. *1. Pet. 2.d.24.*
[195] Marg. *Rom. 8.a.3; Galat. 3.b.13.* Vgl. OC 49:137 e.v.; 50:209 e.v.
[196] Fr. 1541 e.v.: *depuis le Baptesme* (Benoit 3:127).

die maat van elkeen se toereikende boetedoening nie.[197] Elke keer wanneer ons afvallig word, word ons slegs tot Christus se voldoening teruggeroep. Kyk nou 'n bietjie na hulle verderflike treurmares. Hulle beweer dat die genade van God slegs in die eerste vergewing van sondes werk. As ons dan daarna in sondes val, dra ons werke by om 'n tweede vergewing te kry.[198] As dit geldig was, bly die dinge wat hierbo aan Christus toegeskryf is, nog ongedeerd? Hoe 'n ontsaglike verskil is daar nie tussen die feit dat ons ongeregtighede op Christus geplaas is sodat dit in Hom versoen kon word en dat dit deur ons werke versoen word; dat Christus die versoening vir ons sondes is en dat God deur ons werke versoen moet word nie? Maar as dit daaroor handel dat 'n mens met sy eie gewete vrede moet maak, watter soort vredemakery sal dit wees as hy hoor dat sy sondes met voldoenings afgekoop moet word? Wanneer sal hy uiteindelik seker wees dat sy voldoenings genoeg is? Hy sal dus altyd twyfel of God hom genadig is. Hy sal altyd onrustig wees en altyd vrees. Want mense wat gerus is met ligte voldoeninkies, bejeën God se oordeel minagtend en hulle slaan weinig ag op die erns van hulle sonde soos ons elders sal sê.[199] En al sou ons vir hulle toegee dat hulle sommige sondes OC 479 met opregte voldoening kan vrykoop: wat sal hulle nogtans doen wanneer hulle met soveel sondes toegegooi word dat die voldoenings van 'n honderd lewens nie genoeg is nie, selfs al hou hulle hulle net daarmee besig?

Hierby kom nog die feit dat al die aanhalings waarmee vergiffenis van sondes[200] verklaar word, nie op kategete van toepassing is nie, maar op wedergebore kinders van God en op mense wat 'n geruime tyd in die skoot van die kerk gevoed is. Die boodskap wat Paulus so voortreflik ophemel, naamlik: "Ek bid julle in die Naam van Christus: Versoen julle OS 117 met God",[201] is nie op buitestaanders gerig nie maar op mense wat al lankal wedergebore was. Hy beveel hulle tog om hulle voldoenings vaarwel toe te roep,[202] en hy stuur hulle na Christus se kruis. Wanneer hy byvoorbeeld aan die Kolossensers skryf dat Christus deur die bloed van sy kruis die vrede gebring het wat in die hemel en op die aarde is,[203] beperk hy dit nie tot die oomblik waarop ons in die kerk opgeneem word nie, maar hy brei dit tot ons hele lewensloop uit. Dit blyk maklik genoeg uit die verband wanneer hy sê dat gelowiges verlossing het deur die

[197] Vgl. Thomas, a.w. 3.84.5 (Marietti 4:592 e.v.).
[198] *Ibid.* 3.76.4 (Marietti 4:509 e.v.).
[199] Vgl. *Inst.* 3.12.1 - 5 (Afr. vert. 3:962 - 968).
[200] Fr. 1560: *o il est parlé de la pure gratuité de Dieu en pardonnant les pécbez* (Benoit 3:127).
[201] Marg. *2. Cor. 5.d.20.*
[202] Fr. 1560: *en mettant bas toute satisfaction, et leur commandant de s'en déporter* (Benoit 3:127).
[203] Marg. *Coloss. 1.c.20.* Vgl. OC 52:88 e.v.

bloed van Christus, naamlik deur die vergiffenis van sondes.[204] Dit is nogtans oorbodig om nog meer aanhalings hierby op te stapel omdat dit dikwels voorkom.

### *'n Bespreking van veskeie Roomse onderskeidings en besware (Afdeling 28 - 39)*

### 28. *Sogenaamde vergeeflike sondes en doodsondes*

Hier neem hulle hulle toevlug tot 'n dwase onderskeid. Hulle sê dat sommige sondes ***vergeeflik*** is maar dat ander ***dodelik*** is. Hulle beweer dat sondaars swaarder voldoening verskuldig is vir hulle doodsondes maar dat hulle vergeeflike sondes met ligter geneesmiddels gereinig kan word, naamlik met die Onse Vader, die besprinkeling met geseënde water en deur absolusie van die Mis.[205] So dryf hulle die spot met God en raak hulle onsin kwyt. Al klets hulle nogtans gedurig van vergeeflike en doodsondes, kon hulle nog nie die een van die ander onderskei nie,[206] behalwe dat hulle goddeloosheid en onreinheid van hart[207] 'n ***vergeeflike sonde*** maak.

Sover dit ons aangaan, verklaar ons dat die loon van die sonde die dood is - en dit leer die Skrif ook as reël van reg en onreg. Ons verklaar verder dat die siel wat gesondig het, die dood skuldig is.[208] Verder verklaar ons dat die sondes van gelowiges vergeeflik is - nie omdat hulle nie die dood verdien nie maar omdat die wat in Christus Jesus is, vanweë die barmhartigheid van God nie verdoem word nie;[209] omdat hulle sondes hulle nie toegereken word nie en omdat dit deur vergiffenis uitgewis A 233
word.[210]

Ek weet hoe onregverdig hulle ons leer verdraai. Hulle sê immers dat dit 'n paradoks van die Stoïsyne in verband met die gelykheid van sondes is.[211] Hulle sal egter sonder moeite uit hulle eie monde aan die kaak gestel word. My vraag is immers of hulle nie erken dat daar juis onder die sondes waarvan hulle erken dat dit dodelik is, een sonde is wat minder as 'n ander sonde is nie? Dit volg dus nie onmiddellik dat al die sondes

[204] Vgl. Kol. 1:14.

[205] Vgl. Lombardus, a.w. 4.16.4 (MPL 192:879); Thomas, a.w. 3.87.3 (Marietti 4:615 e.v.).

[206] Vgl. Thomas, a.w. 2,1.88 (Marietti 2:408 e.v.).

[207] Fr. 1541: + *qui est le plus horrible péché devant Dieu* (Benoit 3:128).

[208] Marg. *Rom. 6.d.23; Ezec. 18.e.20.* Vgl. OC 49:118 e.v.; 40:440 e.v.

[209] Marg. *Rom. 8.a.1.*

[210] Vgl. Melanchthon, *Loci com.* 1521 (CR 21:215 e.v., 447 e.v., 495 e.v., 816 e.v.).

[211] Lactantius, *Div. Inst.* 3.23.8 (MPL 6:423, 427; CSEL 19,1:253) skryf hierdie leerstuk aan Zeno toe. Vgl. Cicero, *Pro Murena* 29.6 (LCL 222): *Omnia peccata esse paria* - alle sondes is gelyk. Vgl. Diogenes Laertius, *De clarorum philosophorum vitis et dogmatibus* 7.120 (LCL 2:224); Cyprianus, *Ep.* 55.16 (MPL 3:807; CSEL 3,2:635); Melanchthon, *Loci com.* (CR 21:292).

wat saam dodelik is, ewe swaar is nie. Aangesien die Skrif bepaal dat die loon van die sonde die dood is, dat gehoorsaamheid aan die wet die pad na die lewe is en oortreding daarvan die dood beteken, kan hulle nie van hierdie opvatting af wegkom nie. Watter resultaat van voldoening sal hulle dan in so 'n groot stapel sondes vind?[212] Terwyl hulle nog besig is OS 118
met die beoefening van voldoening vir een enkele sonde van een enkele dag, verstrik hulle hulleself al weer met meer sondes want daar gaan nie 'n dag verby waarin selfs die regverdigste mens etlike male struikel nie.[213] Terwyl hulle hulle trouens gereed maak om vir hulle sondes te voldoen, stapel hulle talryke of eerder ontelbare ander sondes daarop. OC 480
Nou is hulle vertroue om voldoening te gee afgeknip! Waarom[214] wag hulle nog? Hoe kan hulle nog waag om oor voldoening te dink?

### 29[215]. *Die Roomse onderskeid tussen straf en skuld*

Hulle probeer wel om hulle los te woel, maar soos die spreekwoord lui, die water bly aan hulle kleef.[216] Hulle versin 'n onderskeid tussen straf en skuld. Hulle erken dat skuld deur die barmhartigheid van God vergewe word maar beweer dat die straf nog bly en dat God se geregtigheid vereis dat dit betaal moet word, ten spyte daarvan dat die skuld vergewe is.[217] Hulle sê dat voldoenings dus eintlik op die vergewing van die straf gemik is.[218]

Goeie God, wat se bespotlike ligsinnigheid is dit nie! Nou erken hulle dat skuldvergiffenis onverdiend is, hoewel hulle oral leer dat dit met gebede, trane en allerlei voorbereidings verdien moet word. Alles wat die Skrif ons in verband met sondevergiffenis leer, bots trouens reëlreg met so 'n onderskeid. Hoewel ek meen dat ek dit meer as genoeg bewys het, sal ek nogtans sekere ander getuienis byvoeg om daarmee daardie kronkelende slange so vas te pen dat hulle hierna selfs nie eens die punte van hulle sterte sal kan roer nie!

Dit is die nuwe verbond wat God in sy Gesalfde met ons gesluit het, dat Hy ons ongeregtighede nie sal onthou nie.[219] Ons leer uit 'n ander profeet wat Hy met hierdie woorde bedoel het. Daar sê die Here: "As die regverdige van sy regverdigheid afwyk, sal Ek al sy regverdighede nie onthou nie. As die goddelose van sy goddeloosheid afsien, sal Ek al sy

[212] Fr. 1541 e.v.: *trouveront-ils* (Benoit 3:128).
[213] Marg. *Prov. 24.b.16.*
[214] Fr. 1541 e.v.: *Qu'est-ce qu'ils songent ou attendent* (Benoit 3:129).
[215] Verkeerdelik in A as 39 genommer.
[216] Vgl. Cicero, *De officiis* 3.33.117 (LCL 398).
[217] Vgl. Thomas, a.w. 3.86.4 (Marietti 4:609 e.v.).
[218] Vgl. Thomas, a.w. 3 *suppl.* 15.1 (Marietti 4:691); Bonaventura, *In sent.* 4.18.1.2.2.4 (BOO 4:476): *Poena inseparabilis est a culpa ... Dominus dum remittat culpam, remittat poenam totam.*
[219] Marg. *Ier. 31.f.31.34.*

ongeregtighede nie onthou nie."[220] Wanneer Hy sê dat Hy die geregtighede nie sal onthou nie, beteken dit in elk geval dat Hy dit nie in aanmerking sal neem om dit te beloon nie. Om dus te sê dat Hy die sondes nie onthou nie, beteken dieselfde as om te sê dat Hy dit nie vir sy straf vereis nie. Juis dit word elders genoem *om jou sondes agter jou rug te gooi,*[221] *om dit soos 'n wolk uit te wis,*[222] *om dit in die dieptes van die see te dompel,*[223] *om dit nie toe te reken nie en om dit bedek te hou.*[224] Met sulke spreekwyses het die Heilige Gees sy bedoeling duidelik vir ons oopgevou, as ons maar net leergierige ore daarvoor bied. As God die OS 119 sondes straf, reken Hy dit beslis toe. As Hy sondes wreek, onthou Hy dit. As Hy dit voor sy gerig daag, bedek Hy dit nie. As Hy dit ondersoek, gooi Hy dit nie agter sy rug nie. As Hy daarna kyk, laat Hy dit nie soos damp verdwyn nie. As Hy dit sif, werp Hy dit nie in die dieptes van die see nie. Augustinus vertolk dit in duidelike woorde net so. Hy sê: "As God die sondes bedek het, wou Hy dit nie in aanmerking neem nie. As Hy dit nie in aanmerking wou neem nie, wou Hy nie daarop ag slaan nie. As Hy nie daarop ag wou slaan nie, wou Hy dit nie straf nie. Hy wou dit nie erken nie maar wou dit eerder vergewe.[225] Waarom het Hy dan gesê dat die sondes bedek is? Sodat dit nie gesien kon word nie! Wat was die feit dat God die sonde sien anders as dat Hy dit straf?"[226]

Maar laat ons ook uit 'n ander verwysing na die profeet hoor volgens watter bepalings die Here sondes vergewe. Hy sê: "Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu. Al was hulle rooi soos purper, hulle sal wees soos wol".[227] In Jeremia kan ons net so lees: "Op daardie dag sal Jakob se ongeregtigheid gesoek word en dit sal nie OC 481 gevind word nie; en die sonde van Juda en daar sal niks wees nie, want Ek sal die res wat ek sal bewaar, vergewe".[228] Wil jy kort en klaar verstaan wat die betekenis van die woorde is? Dink dan aan die ander kant na oor die betekenis van die volgende uitsprake: "Die Here maak my ongeregtighede in 'n sak bymekaar".[229] "Hy bind dit in 'n bondeltjie en verberg dit".[230] "Met 'n ystergriffel grif Hy dit op 'n diamantklip in".[231] Dit is naamlik, as hierdie woorde beteken dat die sondes gewreek sal word - en daaroor is daar geen twyfel nie -, moet ons ook nie twyfel dat die Here

[220] Marg. *Ezech. 18.e.24, f.27.* Vgl. Eseg. 18:21 e.v. en OC 40:446 e.v
[221] Marg. *Iesa. 38.d.17 (falso + & 22).*
[222] Marg. *Iesa. 44.d.22.*
[223] Marg. *Mich. 7.d.19.*
[224] Marg. *Psal. 32.a.1* (*falso: ait*). Vgl. ook die daaropvolgende verse en OC 31:314 e.v.
[225] Marg. *Psal. 52.a.1* (*recte* 1553: Marg. *Psal. 32.a.1*).
[226] Augustinus, *Enar. in Psal.* 31.2.9 (MPL 36:264; CCSL 38:231 e.v.).
[227] Marg. *Iesa. 1.e.18.*
[228] Marg. *Iere. 50.d.20.*
[229] Marg. *Iob 14.d.17.*
[230] Marg. *Oseae 13.c.12.*
[231] Marg. *Iere. 17.a.1.*

in die teenoorgestelde uitsprake verklaar dat Hy alle vergelding van sy wraak sal laat vaar nie. Hier moet ek my lesers ernstig versoek - nie om na my aantekeninge te luister nie maar slegs om plek te laat vir die Woord van God.[232]

## 30. *Christus het al ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra en ons straf en skuld tot niet gemaak*

Nou vra ek jou: Wat sou Christus vir ons gelewer het as daar dan nog straf vir ons sondes geëis word? Wanneer ons trouens sê dat Hy al ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra het,[233] dui ons niks anders aan as dat Hy die straf en wraak wat vir ons sondes verskuldig was, volvoer het nie. Jesaja het dit nog duideliker verklaar toe hy gesê het dat die straf of tug vir ons vrede op Hom was.[234] Wat is die straf vir ons vrede anders as die straf wat ons vir ons sondes verskuldig is en wat ons moet vereffen voordat ons met God versoen kan word as Christus nie in ons plek ingetree het nie? Hier kan 'n mens duidelik sien dat Christus die straf vir ons sondes gedra het om die wat aan Hom behoort, daarvan te verlos. Wanneer Paulus die verlossing wat Christus vir ons gebring het, vermeld, noem hy dit gewoonlik *loskoop*.[235] Daarmee gee hy nie doodeenvoudig net 'n OS 120
kwytskelding soos dit algemeen verstaan word, weer nie, maar hy toon daarmee juis die prys en die voldoening[236] van die verlossing aan. Daarom skryf hy ook dat Christus Homself as *losprys*[237] vir ons gegee het.[238]

Augustinus sê: "Wat is versoening voor die Here anders as 'n offerande en wat is die offerande anders as dit wat in die dood van Christus vir ons geoffer is?"[239] Die voorskrifte in die Mosaïese wet in verband met strafversoening vir sondes voorsien aan ons 'n kragtige wapen. Want die A 234
Here het nie daar 'n lukraak manier van voldoening bepaal nie, maar Hy

[232] Battles (1977:657, n. 62) wys daarop dat Calvyn hierdie besondere sin sedert die eerste (1536-) uitgawe onveranderd van een verwerking van die *Inst.* na die ander oorgeneem het en dat dit daarom belangrike lig werp op sy werksaamhede as eksegeet. Vgl. OC 7:248 waar hy in sy traktaat teen die Libertyne 'n soortgelyke stelling poneer: *Ie ne demande point qu'on s'arreste à moy ne à mon opinion, n' à mon dire, sinon à telle condition, qu'on ait premierement congneu que ce que i'enseigne est utile.*

[233] Marg. *1. Pet. 2.d.24.*

[234] Marg. *Iesa. 53.b.5.* Vgl. OC 37:257 e.v.

[235] ἀπολύτρωσιν; Fr. apolytrosis (Benoit 3:131). Marg. *Rom. 3.c.24; 1. Cor. 1.d.30; Ephes. 1.b.7; Colos. 1.b.14.*

[236] Fr. 1541 e.v.: *que nous appellons Ranon en Franois* (Benoit 3:131).

[237] ἀντίλυτρον.

[238] Marg. *1. Tim. 2.b.6.* Fr. 1541 e.v.: + *Pour laquelle cause il dit en quelque lieu que Christ s'est fait ranon pour nous, s'est constitué pleige en nostre lieu, afin de nous délivrer pleinement de toutes les dettes de nos péchez* (Benoit 3:131); vgl. OC 52:272 e.v.

[239] 1543: + Marg. *In Psal. 129.* Augustinus, *Enar. in Ps.* 129.3 (MPL 37:1697; CCSL 40:1891).

vereis volle vergelding in offerandes. En tog gee Hy daar al die gebruike van versoening[240] in ander opsigte met die grootste noukeurigheid en in presiese volgorde weer.[241] Waarom is dit dan so dat Hy ons daar gebied om vir ons oortredings wat ons begaan, glad nie met ons werke te voldoen nie maar dat Hy slegs offers ter versoening vereis? Hy wil daarmee sekerlik getuig dat daar net een soort voldoening is waardeur sy oordeel tevrede gestel word. Want die offerandes wat die Israeliete destyds gebring het, is nie beskou as die werk van mense nie maar is geag soos dit werklik was, naamlik as die enigste offerande van Christus. Hosea het in 'n paar woorde die vergelding wat die Here van ons ontvang, pragtig uitgedruk. Hy sê: "O God, U sal al die ongeregtigheid OC 482 wegneem. Kyk, dit is die vergiffenis van sondes, en ons sal as offerdiere ons lippe bring".[242] Kyk, dit is voldoening![243]

Ek weet wel dat hulle met nog groter skerpsinnigheid probeer uitvlug wanneer hulle onderskeid maak tussen die *ewige straf* en *tydelike strawwe*.[244] Aangesien hulle egter leer dat 'n tydelike straf enige straf is waarmee God 'n mens se liggaam sowel as sy siel straf, met uitsondering van die ewige dood, bied hierdie beperking vir hulle weinig verligting. Want die voorgaande aanhalings beteken naamlik dat ons deur God in genade ontvang word op voorwaarde dat Hy ons deur skuldvergiffenis al die strawwe wat ons verdien het, vergewe. En wanneer Dawid of die ander profete om sondevergiffenis vra, bid hulle terselfdertyd ook dat die straf vir hulle sondes weggeneem mag word - ja, die aanvoeling van God se oordeel noop hulle hiertoe. Wanneer hulle aan die ander kant barmhartigheid deur die Here belowe, praat hulle oor die algemeen altyd uitdruklik van die strawwe en die vergiffenis daarvan. Wanneer die OS 121 Here in Esegiël verklaar dat Hy die Babiloniese ballingskap sal beëindig en dat Hy dit om sy ontwil en nie om die Jode se ontwil nie sal doen,[245] toon Hy genoegsaam aan dat beide sonde- en strafvergiffenis onverdiend is.

Kortom: as ons deur Christus van sondeskuld vrygemaak word, moet ook die strawwe wat daaruit voortvloei, tot 'n einde kom.

## 31. *God se oordeel bestaan uit wraak en tug*

Aangesien hulle hulle egter ook met Skrifgetuienis bewapen, moet ons

[240] Fr. 1541 e.v.: *tous les sacrifices qu'il falloit faire, selon la diversité des péchez* (Benoit 3:131).

[241] Vgl. ook Eks. 30:10; Lev. 4 - 7, 16; Num. 15:22 e.v.

[242] Marg. *Oseae 14.a.3.* Vgl. OC 42:500 e.v. OAV: Dan sal ons as offerande ons lippe aanbied; NAV: Ons bely teenoor U ...

[243] Fr. 1541 e.v.: + *qui n'est qu'action de grâces* (Benoit 3:131).

[244] Vgl. Thomas, a.w. 3.86.4 (Marietti 3:864).

[245] Marg. *Ezec. 36.e.22, & f.32.*

ondersoek instel na die aard van die bewyse wat hulle aanvoer. Hulle sê: "Dawid is deur die profeet Natan oor sy owerspel en moord bestraf en hy het vergiffenis vir sy sonde gekry, en tog word hy later deur die dood van die seun wat hy uit sy owerspel gekry het, gestraf".[246] Ons word geleer om sulke strawwe wat selfs na skuldvergiffenis toegedien word, met voldoenings vry te koop.[247] Daniël spoor Nebukadnesar trouens aan om sy sondes met aalmoese vry te koop.[248] En Salomo skryf dat ongeregtighede vanweë geregtigheid en godsvrug kwytgeskeld word.[249] Elders skryf hy selfs dat 'n menigte sondes deur die liefde bedek word.[250] Petrus bevestig ook die opvatting.[251] In Lukas sê die Here ook in verband met die sondige vrou dat haar veelvuldige sondes vergewe is omdat sy baie liefgehad het.[252]

Hoe verkeerd en onsinnig is hulle oordeel altyd oor die werke van God! Maar as hulle maar net opgelet het - en dit is iets wat hulle glad nie buite rekening moes gelaat het nie - dat daar twee soorte oordele van God is, sou hulle 'n heeltemal ander soort straf in hierdie bestrawwing van Dawid gesien het as een wat beskou moet word as 'n straf wat tot wraak strek.[253] Aangesien dit egter vir ons almal van groot belang is om te begryp wat die doel is van God se tugtiging waarmee Hy ons sondes straf, en hoeveel dit van die voorbeelde verskil waarmee Hy goddelose en verwerptes in sy toorn straf, sou dit na my mening nie onvanpas wees om dit samevattend te vermeld nie.

Laat ons die een vorm van oordeel ter wille van ons onderwysing *wraak* noem en die tweede vorm daarvan *tugtiging*. Verder moet ons onder die oordeel van sy wraak verstaan dat God Hom op sy vyande wreek om sy toorn teen hulle uit te oefen, hulle te verwar, te verstrooi en tot niet te maak. Ons moet dit dus eintlik as God se wraak beskou wanneer sy straf OS 122
en sy toorn hand aan hand gaan. In sy tugtigingsoordeel is Hy nie so hef- OC 483
tig dat Hy hom vertoorn nie. Sy straf is nie so dat Hy 'n mens tot niet laat gaan of met die bliksem tref om hom dood te maak nie. Daarom is dit nie eintlik straf of wraak nie maar 'n berisping of 'n vermaning. Die een is 'n eienskap van God as Regter en die tweede van God as Vader. Want wanneer 'n regter 'n misdadiger straf, ondersoek hy die oortreding en hy

[246] Marg. *2. Sam. 12.c.13.* Vgl. ook die daaropvolgende verse.

[247] Vgl. Thomas, a.w. 3.86.4 (Marietti 4:864); Eck, *Ench.* c.8 E 1a b; De Castro, *Adv. Haer.* fo. 181A B; Io. Fischer Roffensis, *Confutatio* 160, 300; OS 4:121, n. 1.

[248] Marg. *Dan. 4.e.24.* Vgl. ook die volgende verse en OC 40:669 e.v.; Thomas, *l.c.*; Hugo, *Summa* 6.11 (MPL 176:149); Eck, *Ench.* 9 E2a; De Castro, *Adv. Haer.* fo. 181; OS 4:121.

[249] Marg. *Prov. 16.a.6* (Spr. 16:6).

[250] Marg. *& 10.b.12.* (Spr. 10:12).

[251] Marg. *1. Pet. 4.b.8.* Vgl. OC 55:275.

[252] Marg. *Luc. 7.g.47.* Vgl. OC 45:379 e.v.; Thomas, a.w. 3.49.1 (Marietti 4:308 e.v.); Eck, *Ench.* 9 E4a.

[253] 1536 en Fr. 1541 e.v.: *quam peccati poenam et ultionem* (Fr.: *que vengeance ou punition de péché* (Benoit 3:132).

straf die misdadiger self. Wanneer 'n vader sy seun baie streng berispe, doen hy dit nie met die doel om wraak te neem of straf te oefen nie[254] maar eerder om hom te leer en hom in die toekoms versigtiger te maak. Chrysostomos gebruik iewers 'n vergelyking wat effens van hierdie een verskil maar wat tog op dieselfde neerkom. Hy sê: "'n Seun kry pak en 'n bediende kry slae. Laasgenoemde word as 'n slaaf gestraf omdat hy oortree het.[255] Eersgenoemde word egter getugtig as 'n vry man en 'n seun wat tug nodig het. Vir die seun dien die berisping tot beproewing en verbetering, vir die bediende tot slae en straf".[256]

## 32. *Die ware onderskeid tussen God se wraak en sy tug*

Om die hele onderwerp bondig en maklik saam te vat: Van die twee onderskeidings word die volgende eerste gestel: oral waar daar straf tot wraak is, daar kom God se vloek en toorn aan die lig. Dit is iets wat Hy altyd van gelowiges weerhou. Aan die ander kant is tugtiging 'n seën van God en lewer getuienis van sy liefde soos die Skrif leer.[257]

Hierdie onderskeid word oral in die Woord van God genoeg aangetoon. Want al die kwellinge wat die goddelose in hierdie lewe verduur, word vir ons geskilder as 'n soort voorhof van die hel vanwaar hulle alreeds hulle ewige verdoemenis van ver af kan sien. Hulle kan hulleself glad nie daarmee verbeter of enige voordeel daaruit trek nie. Hulle word eerder deur sulke voorspele vir die verskriklikste hel wat uiteindelik vir hulle oorbly, voorberei.[258]

Maar wanneer die Here tugtig, tugtig Hy sy diensknegte maar Hy lewer hulle nie aan die dood oor nie.[259] Daarom erken die mense wat deur sy roede geslaan is, dat dit vir hulle ten goede was om hulle waarlik te onderrig.[260] En al lees ons oral dat heiliges sulke strawwe gelate verdra het, het hulle nogtans altyd die géseling van die soort strawwe hierbo heftig probeer afwend. Jeremia sê byvoorbeeld: "Tugtig my o Here, maar volgens u oordeel en nie volgens u toorn nie, sodat U my nie
miskien vermink nie. Stort u toorn uit oor die volke wat U nie geken het A 235
nie en oor die ryke wat u Naam nie aangeroep het nie".[261] Dawid sê weer:

[254] Fr. 1541 e.v.: *de faire vengeance de sa faute* (Benoit 3:133).

[255] Fr. 1541 e.v.: *recevant ce qu'il a mérité* (Benoit 3:133).

[256] Vgl. Pseudo-Chrysostomos, *De fide et lege naturae* 3 (MPG 48:1085), en ook *Inst.* 3.8.6 (Afr. vert. 3:902).

[257] Marg. *Iob 3.c.17 (recte* 1539 - 1554: *Iob 5.c.17); Prov. 3.b.11; Hebr. 12.b.5.* Vgl. ook Spr. 3:12 e.v.; Hebr. 12:6 e.v. en OC 55:173 e.v.

[258] Fr.: *nostre Seigneur* (Benoit 3:133).

[259] Marg. *Psal. 118.c.18.* Vgl. OC 32:207.

[260] Marg. *Psal. 119.71.* Vgl. OC 32:245 e.v.

[261] Marg. *Iere. 10.d.24.* Vgl. ook vers 25 en OC 38:91 e.v.

"O Here, tugtig my tog nie in u toorn nie en straf my tog nie in u woede nie!"[262]

Dat daar gesê word dat die Here hom dikwels vir sy heiliges vertoorn wanneer Hy hulle sondes straf, vorm geen struikelblok vir die siening nie. In Jesaja staan daar byvoorbeeld: "Ek sal aan U bely, o Here, omdat U U vir my vertoorn het; u toorn is omgekeer en U het my vertroos".[263] Net so staan daar in Habakuk: "Wanneer U U vertoorn, sal U u barmhartigheid in gedagte hou".[264] Miga weer sê: "Ek sal die toorn van God verduur want ek het gesondig".[265] Daar vermaan hy ons dat dit mense wat regverdig gestraf word, nie alleen niks baat om te mor nie, maar dat gelowiges versagting vir hulle smart tot hulle beskikking het deur oor God se raadsplan na te dink. Want daar word om dieselfde rede gesê dat Hy sy erfdeel ontheilig[266] - iets wat Hy, soos ons weet, tot in ewigheid nie sal ontheilig nie. Dit sien egter nie op God se raadsplan of gesindheid[267] wanneer Hy straf toedien nie, maar op die hewige ervaring van smart waarmee mense aangetas word wat selfs die geringste streng- OC 484
heid van God ondergaan. En tog pynig Hy die gelowiges wat aan Hom behoort, met geringe gestrengheid, maar soms verwond Hy hulle so dat dit vir hulle lyk of hulle nie ver van die helse verderf af is nie. So getuig Hy wel dat hulle sy toorn verdien het, en so is dit ook tot hulle voordeel dat hulle onvergenoeg is met hulle sonde, met groter sorgsaamheid geraak word om God te versoen en hulle uit onrustigheid te haas om vergiffenis te vra. Intussen lewer Hy egter juis daarin duideliker getuienis van sy sagmoedigheid as van sy toorn.

Want die verbond wat in ons ware Salomo met ons gesluit is, staan vas en Hy wat nie kan bedrieg nie, het verklaar dat dit nooit ongeldig sal wees nie.[268] Hy sê: "As sy kinders my wet verlaat en nie in my oordele wandel nie; as hulle my insettinge ontheilig en my gebooie nie bewaar nie, sal ek hulle ongeregtighede met die roede besoek en hulle sondes met slae. Ek sal my barmhartigheid egter nie van hom wegneem nie".[269] En om ons nog sekerder te maak van sy barmhartigheid sê Hy dat die roede waarmee Hy Salomo se nasate sal straf, die roede van manne sal wees en dat sy slae die slae van mensekinders sal wees.[270] Terwyl Hy met die woorde matigheid en sagmoedigheid aandui, gee Hy terselfdertyd te

[262] Marg. *Psal. 6.a.2, & 38.a.2.*

[263] Marg. *Iesa. 12.a.1.*

[264] Marg. *Habac. 3.a.2.* Vgl. OC 43:565 e.v.

[265] Marg. *Michae 7.b.9.* Vgl. OC 43:413 e.v.

[266] 1539 - 1554: Marg. *Iesa. 42.d.24, et 47.b.6.*

[267] Fr. 1541 e.v.: *la volonté* (Benoit 3:134).

[268] Fr. 1541 e.v.: *Car l'alliance qu'il a une fois faite avec Iesus Christ et ses membres demeure, comme il a promis que iamais elle ne pourroit estre cassée* (Benoit 3:134).

[269] Marg. *Psal. 89.e.31.* Vgl. ook verse 32 - 34 en OC 31:821 e.v.

[270] Marg. *2. Sam. 7.b.14.*

kenne dat mense wat ervaar dat die hand van God teen hulle is, net met uiterste en dodelike skrik ontstel kan word. In die profeet toon Hy aan hoe hoog Hy hierdie sagmoedigheid ag wanneer Hy Israel tugtig. Hy sê: "In vuur het Ek jou gelouter, maar nie soos silwer nie, want so sou jy heeltemal verteer gewees het".[271] Hoewel Hy daar leer dat tug vir Hom OS 124 soos 'n loutering is, voeg Hy nogtans by dat Hy dit so matig toepas dat sy volk daardeur met reg geslyp word. Dit is ook volkome nodig, want hoe meer iemand God vrees en hom daarop toelê om godsvrug te beoefen, hoe sagter is hy om God se toorn te verduur. Want hoewel verworpenes onder sy geselslae sug, verhard hulle as gevolg van hulle traak-my-nie-agtigheid omdat hulle tog nie die rede daarvoor oorweeg nie, ja, eerder hulle rug na hulle sondes sowel as op God se oordeel keer. Of omdat hulle briesend en opstandig is en daarom teen hulle Regter betoog, maak hulle 'n verwoede aanval teen Hom en hulle verstom van waansin en toorn. Gelowiges word egter deur God se slae vermaan en gaan dadelik oor tot nadenke oor hulle sondes. Deur vrees en bewing verslae neem hulle smekend hulle toevlug tot gebed. Selfs in geringe tekens van God se toorn sou hulle honderd maal beswyk het as God nie die smarte waarmee hulle ellendige siele hulleself folter, sou verlig nie.

## 33. *God se wraak is bestem vir straf; sy tug daarenteen vir verbetering*

As tweede onderskeid geld die volgende: Wanneer verworpenes deur God se geselslae getref word, begin hulle alreeds in 'n sekere sin volgens sy oordeel te boet, en hoewel hulle nie ongestraf bly omdat hulle nie na sulke bewyse van God se toorn geluister het nie, word hulle egter nie gestraf om hulle tot beter insigte te bring nie maar slegs om God as Regter en Wreker tot hulle eie nadeel te ervaar.[272] Sy kinders word egter met die roede geslaan, nie om die straf vir hulle sondes aan OC 485 God te betaal nie, maar om vordering te maak tot hulle bekering.[273] Daarom besef ons dat dit eerder op die toekoms as op die verlede sien. Ek verkies om eerder in Chrysostomos se woorde as in my eie daaraan uitdrukking te gee. Hy sê: "As gevolg hiervan het Hy die straf op ons gelê - nie om ons vir ons sondes te straf nie maar om ons beter te maak vir die toekoms".[274] So sê Augustinus ook: "Dit wat jy ly en waaroor jy kla, is vir jou medisyne en nie straf nie; dit is tug en nie verdoeming nie. En as jy nie van jou erfdeel verdryf wil word nie, moenie sy slae afweer nie",

[271] Marg. *Iesa. 48.b.10.* Vgl. OC 37:178 e.v.

[272] Fr. 1541 e.v.: *ne les laissera point eschapper qu'il ne leur rende selon leurs mérites* (Benoit 3:135).

[273] Fr. 1541 e.v.: *non point pour satisfaire à l'ire de Dieu, ou payer ce qui est deu son iugement, mais afin de profiter à repentance et se réduire en bonne voye* (Benoit 3:135).

[274] Marg. *In serm. de poenit. & confes.* Pseudo-Augustinus, *Sermo de poenitentia et confessione* (Ed. Erasmus, Basel, 1530, 5:514); vgl. OS 4:124.

ensovoorts.[275] "Weet dan, broeders, dát al die ellendes van die mensdom waaroor die wêreld steun en kreun, smart ter genesing is en nie 'n vonnis om te straf is nie", ensovoorts.[276]

Ek wou graag hierdie stellings aanhaal sodat die uitspraak wat ek OS 125 (hierbo) gestel het, nie miskien vir iemand nuut of ongewoon voorkom nie. Die klagtes vol verontwaardiging waarmee God dikwels die ondankbaarheid van sy volk bekla omdat hulle hardnekkig al sy strawwe verontagsaam, hoórt ook hierby. In Jesaja byvoorbeeld: "Waarom sal Ek julle nog meer slaan? Van julle voetsole af tot julle koppe is julle siek".[277] Omdat die profete egter vol van sulke uitsprake is, is dit genoegsaam om hier bondig aan te toon dat God sy kerk slegs met die doel straf om hom sover te bring om hom te bekeer. Toe Hy Saul dus uit sy koningskap gewerp het, het Hy hom gestraf om sy sondes te wreek.[278] Toe Hy Dawid se seuntjie egter van hom weggeneem het, het Hy hom bestraf om hom te verbeter.[279] Wat Paulus sê moet ons ook in hierdie sin opneem: "Wanneer ons deur die Here geoordeel word, word ons bestraf sodat ons nie saam met hierdie wêreld verdoem mag word nie".[280] Dit beteken: wanneer ons as kinders van God deur die hand van ons hemelse Vader getref word, is dit nie 'n straf waardeur ons beskaam word nie, maar slegs tugtiging waardeur ons geleer word.

Hierin is Augustinus duidelik aan ons kant. Hy leer trouens dat die strawwe waarmee mense ewe veel deur God gestraf word op verskillende vlakke oorweeg moet word. Vir die heiliges is dit stryd en oefening nadat hulle sondes vergewe is, maar vir verwerptes is dit straf vir hulle A 236 ongeregtighede omdat daar nie vir hulle vergewing is nie.[281] Wanneer Hy die strawwe wat Dawid en ander vroom manne opgelê is, weergee, sê Hy dat dit daarop gemik was om hulle godsvrug met so 'n ootmoed te oefen en te beproef.

Dit wat Jesaja sê, naamlik dat die Jode se ongeregtigheid vergewe is omdat hulle die volle tugtiging uit die hand van die Here ontvang het,[282] bewys egter nie dat sondevergiffenis van die betaling van die straf afhang nie. Dit is trouens asof hy eerder gesê het: "Daar is nou genoeg strawwe gevorder. Omdat julle alreeds deur langdurige rou en geweeklaag as gevolg van die swaarte en veelvuldigheid van die strawwe geteister is, is dit nou hoog tyd dat julle siele in blydskap uitbars en voel

275 Augustinus, *Enar. in Ps.* 102.20 (MPL 37:1332; CCSL 40:1469).

276 Augustinus, *Enar. in Ps.* 138.15 (MPL 37:1793; CCSL 40:2000).

277 Marg. *Iesa. 1.b.5.* Vgl. ook vers 6 en OC 36:32 e.v.

278 Marg. *1. Sam. 15.e.23.*

279 Marg. *2. Sam. 12.d.18.*

280 Marg. *1. Cor. 11.g.32.* Vgl. OC 49:495.

281 Marg. *Lib. de Peccato. meritis ac remiss. 2.c.33 & 34.* Augustinus, *De pec. mer. et remis.* 2.33.53 - 34.56 (MPL 44:182 e.v.; CSEL 60:123 e.v.).

282 Marg. *Iesa. 40.a.2.* Vgl. OC 37:5 e.v.

dat Ek julle Vader is omdat julle die boodskap van my volle barmhartigheid ontvang het". Daar neem God immers die rol van 'n vader wie se strengheid hom berou, al is dit geregverdig wanneer hy gedwing is om baie streng teen sy seun op te tree. OC 486

## 34. *Tugtiging van die gelowiges maak hulle sterker*

In die bitterheid van sy beproewinge moet 'n gelowige noodwendig deur die volgende gedagtes versterk word. "Die tyd het aangebreek dat die oordeel van die huis van die Here af waarin sy Naam aangeroep is, begin".[283] Wat staan die kinders van God dan te doen as hulle sou glo dat die strengheid van die straf wat hulle ervaar, God se wraak is? Want iemand wat deur God se hand getref is, dink dat God hom as Regter straf, OS 126 en hy kan nie anders as om te dink dat God Hom vir hom vertoorn het en teen hom is nie. Hy kan trouens nie anders as om God se slae juis as 'n vervloeking en verdoeming te verwens nie.
Kortom: iemand wat voel dat God so jeens hom gesind is dat Hy hom nog verder wil straf, sal nooit oortuig kan word dat God hom liefhet nie! Maar iemand wat daaroor nadink dat God Hom vir sy sondes vertoorn maar dat Hy hom genadig en goedgesind is, gaan uiteindelik onder God se slae vorentoe. Andersins moet daar met hom noodwendig gebeur waaroor die profeet kla dat hy dit ondervind het: "U toorn het oor my gegaan, o God; u verskrikkinge het my neergedruk".[284] Wat Moses skryf is dieselfde: "Want ons beswyk in u toorn, en deur u grimmigheid is ons ontsteld. U het ons ongeregtighede voor u oë gestel en ons verborge sondes voor die lig van u aangesig. Want al ons dae gaan in u toorn verby; ons jare verstryk soos 'n woord wat deur die mond uitgaan".[285] Om te leer dat gelowiges eerder deur die tugtiging van die Vader gehelp as verdruk word, sing Dawid aan die ander kant so: "Geluksalig is die mens vir wat U, o Here, bestraf en in u wet leer, om aan hom rus te gee in dae van teëspoed totdat 'n kuil vir die sondaar gegrawe word".[286]
Dit is sekerlik 'n verskriklike beproewing wanneer God ongelowiges spaar en hulle oortredings oor die hoof sien maar skynbaar hardvogtiger is teenoor die wat aan Hom behoort. Daarom voeg hy as 'n rede vir vertroosting die vermaning van die wet daarby waardeur hulle kan leer dat hulle heil ter harte geneem word wanneer hulle na die reguit pad teruggeroep word. Goddelose mense word egter halsoorkop op hulle dwaalweë meegesleur, en die einde daarvan is 'n kuil. En dit maak nie saak of die straf ewig of tydelik is nie. Want oorloë, hongersnood, pes en

[283] Marg. *1. Pet. 4.d.17; Iere. 25.f.29.* Vgl. OC 55:281 e.v.; 38:499 e.v.
[284] Marg. *Psal. 88.d.17.*
[285] Marg. *Psal. 90.b.7.* Vgl. ook verse 8 - 9 en OC 31:836 e.v.
[286] Marg. *Psal. 94.b.12.* Vgl. ook vers 13, die LXX Ps. 93:12 - 13 en OC 32:23 e.v.

siektes is net sowel vervloekings van God as die oordeel van die ewige dood selfs wanneer dit toegedien word met die doel om instrumente van die Here se toorn en wraak teen die verworpenes te wees.

## 35. *Die doel met Dawid se straf*

As ek my nie misgis nie, kan almal nou duidelik sien waarop die Here se bestrawwing in Dawid se geval gemik is. Dit is naamlik 'n bewys dat God 'n ernstige mishae in moord en owerspel het as Hy so 'n groot afkeer daarin aan sy geliefde en getroue dienskneg verklaar het. Die doel daarvan was om Dawid self te onderrig dat hy nie daarna weer so 'n misdaad moes aandurf nie. Die doel daarvan was dus nie dat dit 'n straf moes wees waardeur hy die een of ander vergelding aan God moes betaal nie. Dit moet ook ons oordeel oor die tweede bestrawwing wees. Daarmee tas die Here sy volk met 'n hewige pes aan vanweë Dawid se ongehoorsaamheid waarin hy verval het toe hy die volk getel het.[287] OS 127 Want hy het Dawid se sonde wel verniet vergewe, maar dit was enersyds as 'n duidelike voorbeeld vir alle tye en andersyds ook vir Dawid se vernedering van belang dat sy oortreding nie ongestraf sou bly nie. Daarom het Hy hom met sy roede baie hardvogtig getugtig. Ons moet hierdie doel ook in die geval van die algemene vloek oor die hele mensdom in die oog hou. Want ten spyte daarvan dat ons die genade verkry het, verduur ons nogtans nog al die ellendes wat ons OC 487 voorvader as straf vir sy sonde[288] opgelê is. Ons besef dat ons deur sulke beproewinge geleer word hoe ernstig die oortreding van sy wet God mishaag. Die doel daarvan is dat ons ons jammerlike toestand moet leer ken, verslae en verneder moet wees en vuriger na die ware geluksaligheid moet strewe. As iemand sou reken dat die rampe van ons lewe hier as wraak vir ons sonde ons opgelê is, sou hy trouens uiters dwaas wees. Dit lyk vir my asof dit is wat Chrysostomos wou doen toe hy in die volgende trant geskryf het: "As God mense straf om die wat in hulle kwaad volhard, tot berou te roep, sou sy straf oorbodig wees sodra hulle berou betoon. Na die maat waarin God weet dat dit vir elkeen se geaardheid voordeel inhou, behandel hy die een met groter hardvogtigheid en die ander met vriendeliker toegeeflikheid".[289]
Wanneer Hy dus wil leer dat Hy nie onbeheers optree wanneer Hy straf toedien nie, verwyt Hy die hardkoppige en halsstarrige volk dat hulle nie ophou om te sondig nie ten spyte daarvan dat hulle deur Hom

[287] Marg. *2. Sam. 24.c.15.*
[288] Fr. 1541 e.v.: + *Adam* (Benoit 3:138).
[289] Marg. *Homil. 3. de provid. ad Stargirium* (= *Stagirium*). Chrysostomos, *Ad Stagirium* 3.14 (MPG 47:493 e.v.).

geslaan is.[290] So kla Hy dat Efraim soos 'n koek is wat aan die een kant verskroei en aan die ander kant rou is.[291] Dit is natuurlik omdat sy slae nie tot in hulle harte deurgedring het nie, sodat die volk in staat gestel kan word om genade te ontvang wanneer hulle sondes verteer is. Iemand wat so praat, toon beslis dat Hy dadelik versoen sal kan word sodra iemand tot inkeer kom en dat sy hardvogtigheid wat in sy tugtiging van ons oortredings na vore kom, deur ons eie hardkoppigheid aan Hom ontlok word. As ons hierdie hardkoppigheid vrywillig verbeter, sal Hy ons tegemoetkom. Aangesien ons almal se hardkoppigheid en onkundigheid nogtans so groot is dat ons almal tugtiging nodig het,[292] het die alwyse Vader dit goed gedink om ons almal sonder uitsondering deur ons hele lewensloop met sy geselslae te beproef.

Dit is egter verbasend waarom hulle hulle oë slegs op Dawid se A 237
voorbeeld vestig en nie beïnvloed word deur soveel voorbeelde waarin die vrye vergiffenis van sondes waargeneem kan word nie. Ons lees dat die tollenaar geregverdig uit die tempel uitgegaan het.[293] Daar volg geen straf daarna nie. Petrus het vergiffenis van sy sondes gekry.[294] Ambrosius OS 128
sê: "Ons lees van sy trane maar nie van voldoening nie".[295] En die verlamde man hoor: "Staan op, jou sondes word jou vergewe".[296] Hy word egter geen straf opgelê nie.

Al die vergewing van sondes wat in die Skrif weergegee word, word as onverdiend beskrywe. Mense moes eerder uit die herhaalde voorkoms van sulke voorbeelde 'n reël geput het as uit die enkele voorbeeld van Dawid wat iets besonders insluit.

## 36. *Die plek wat goeie werke in hierdie leer inneem*

Met die vermaning waarmee Daniël Nebukadnesar probeer oorreed het om sy sondes met geregtigheid en sy ongeregtighede met medelye teenoor die armes vry te koop,[297] wou hy nie te kenne gee dat die geregtigheid en barmhartigheid hom met God sou versoen en sy strawwe sou afkoop nie, want daar was nog nooit 'n ander loskoopprys[298] as die bloed van Christus nie. Hy pas die *vrykoop* egter eerder op mense

[290] Marg. *Iere. 5.a.3.*

[291] Marg. *Oseae 7.b.8.* Vgl. OC 42:346 - 347.

[292] Fr. 1541 e.v.: *Toutesfois pource qu'il n'y a celuy de nous qui ne desvoye* (Benoit 3:138).

[293] Marg. *Luc. 18.c.14.* Vgl. OC 45:421.

[294] Marg. *Luc. 22.g.61.*

[295] Vgl. Ambrosius, *Expos. ev. Luc.* 10.88 (MPL 15:1918; CSEL 32,4:489; CCSL 14:371); *Decr. Grat. II:* 33.3: *De poenit.* 1.1 (MPL 187:1520; Friedberg 1:1159); Maximus Taurinensis, *Hom.* 53: *De poenit. Petri* (MPL 57:351).

[296] Marg. *Matth. 9.a.2.*

[297] Marg. *Dan. 4.c.14.* Vgl. ook vers 27.

[298] ἀπολύτρωσις.

as op God toe. Dit is asof hy gesê het: "O Koning, u het 'n onregverdige OC 488 en gewelddadige oorheersing gevoer, u het die nederiges verdruk, u het die armes beroof en u volk hard en onregverdig behandel. Toon nou aan hulle barmhartigheid en geregtigheid vir u onregverdige eise, vir u geweld en onderdrukking".

Net so sê Salomo dat 'n menigte sondes deur die liefde bedek word, nie by God nie maar juis onder die mense. Want die hele vers lui soos volg: "Haat verwek twiste, maar liefde bedek al die ongeregtighede".[299] Soos sy gewoonte is, vergelyk hy in hierdie vers by wyse van teenstelling die kwaad wat uit haat ontstaan, met die voordele van die liefde in die volgende betekenis: "Mense wat mekaar haat, byt mekaar, verkleineer mekaar, verwyt mekaar, verskeur mekaar en beskou alles as 'n persoonlike belediging. Mense wat mekaar egter liefhet, slaan wedersyds op baie dinge nie ag nie, sluit hulle oë vir baie dinge, vergewe mekaar baie dinge. Dit is nie dat die een die ander se gebreke goedkeur nie, maar die een verduur die ander se gebreke en genees dit deur vermaning eerder as om dit deur belediging te laat verswaar". Ongetwyfeld is hierdie Skrifverwysing in dieselfde sin deur Petrus aangehaal[300] - behalwe as ons hom daarvan wil beskuldig dat hy die Skrif misvorm en listig verdraai het. Wanneer hy leer dat die sonde uit barmhartigheid en milddadigheid vergewe word,[301] verstaan hy nie daaronder dat daar vir die sondes voor die Here se aangesig geboet word, sodat God met so 'n voldoening versoen word en hom die straf wat Hy andersins sou eis, kwytskeld nie, maar volgens die gebruiklike metode van die Skrif dui Hy aan dat mense OS 129 wat hulle vroeëre sondes en oortredings vaarwel toeroep en hulle deur godsvrug en waarheid[302] tot Hom bekeer, sal vind dat Hy hulle genadig is. Dit is asof Hy gesê het dat die Here se toorn gaan lê het en dat sy oordeel tot rus kom wanneer ons van ons sondes rus. Hy beskrywe trouens nie die oorsaak van die genade nie maar eerder die wyse van bekering. So verklaar die profete byvoorbeeld herhaaldelik dat geveinsdes tevergeefs fiktiewe seremonies as berou aanvoer, terwyl opregtheid tesame met die liefdespligte by berou pas. Die skrywer van die brief aan die Hebreërs leer ons selfs dat sulke offers God behaag, terwyl hy milddadigheid en mensliewendheid aanprys.[303] Wanneer Christus met die Fariseërs spot omdat hulle hulle slegs daarmee besig hou om hulle skottels skoon te maak maar geen ag slaan op die skoonheid van hulle harte nie, beveel Hy hulle om aalmoese te gee sodat alles skoon kan

[299] Marg. *Prov. 10.b.12* (Spr. 10:12).
[300] 1536 - 1554; 1561: + Marg. *1. Pet. 4.b.8.*
[301] 1536 - 1554; 1561: + Marg. *Prove. 16.a.6* (Spr. 16:6).
[302] Fr. 1541: *en sainctеté et bonnes oeuvres* (Benoit 3: 139).
[303] Marg. *Hebr. 10.c.14* (*recte* 1561: *Hebr. 13.c.16*). Vgl. OC 55:193 e.v.

wees.[304] Maar Hy vermaan hulle gewis nie om voldoening te bied nie. Hy leer hulle egter slegs watter soort reinheid God goedkeur. Ons moet[305] die spreekwyse nog elders behandel.[306]

### 37. *'n Verklaring van die gelykenis van die geldskieter in Luk. 7:36 - 50*

Sover dit die aanhaling uit Lukas aangaan: Niemand wat die gelykenis wat die Here daar voorhou,[307] met gesonde verstand gelees het, sal met ons daaroor twis nie. Die Fariseër het by homself gedink dat die vrou wat die Here so maklik na Hom toe laat kom het, nie aan Hom bekend was nie. Hy het immers gevoel dat Hy haar nie na Hom toe sou laat kom het as Hy geweet het dat sy 'n sondares was, soos sy wel was nie. Daaruit het hy tot die slotsom geraak dat Christus nie 'n profeet was nie, omdat Hy so om die bos gelei kon word. Om dus aan te toon dat sy nie 'n sondares was nie omdat haar sonde alreeds vergewe is, het die Here die volgende OC 489
gelykenis voorgehou: "Een geldskieter het twee skuldenaars gehad. Die een het hom vyftig en die ander vyfhonderd (pennings) geskuld. Albei se skuld is hulle kwytgeskeld. Watter een was die dankbaarste?" Die Fariseër antwoord: "Die een aan wie die meeste geskenk is". Daarop het die Here gesê: "Weet dan dat hierdie vrou se sondes haar vergewe is omdat sy baie liefgehad het".

Soos 'n mens kan sien, maak Hy met hierdie woorde haar liefde nie die oorsaak van haar sondevergiffenis nie maar die bewys daarvan. Want die woorde is geput uit die gelykenis van die skuldenaar wat vyfhonderd (pennings) kwytgeskeld is, en hy het nie vir hom gesê dat dit hom kwytgeskeld is omdat hy baie liefgehad het nie, maar dat hy baie liefgehad het omdat sy skuld hom kwytgeskeld is. Die gelykenis moet in die volgende trant toegepas word: "Jy dink dat hierdie vrou 'n sondares is. En tog moes jy geweet het dat sy dit nie is nie, omdat haar sondes vergewe is. Haar liefde moes egter vir jou 'n bewys daarvan gewees het dat haar sondes vergewe is, omdat sy my deur die liefde vir die weldaad dank bewys". Dit is egter 'n bewys wat uit latere feite afgelei word waardeur iets uit die gevolge daarvan bewys word.[308] Die Here getuig OS 130

[304] Marg. *Mat. 23.c.25; Luc. 11.f.39.* Vgl. Luk. 11:39 - 41 en OC 45:634, 392 e.v.

[305] *tractatum* (*recte* 1539: *tractandum*).

[306] Vgl. *Inst.* 3.14.21 (Afr. vert. 3:1001); vgl. Benoit 3:140, n. 2: *Il est difficile de situer exactement le texte auquel fait allusion Calvin. Ce pourfait être le 33.* Vgl. Calvyn se kommentaar oor Matt. 23:25; Luk. 11:34 - 41 (OC 45:634, 392 - 394).

[307] Marg. *Cap. 7.f.36.* Vgl. ook verse 37 - 50 en OC 45:377 e.v.

[308] Fr.: *des choses subséquentes, par lequel nous démonstrons quelque chose par les signes qui s'en ensuyvent* (Benoit 3:140). Calvyn gebruik retoriese terminologie. Vgl. o.a. Quintilianus, *Inst. orat.* 5.10.1 - 8 waar hy enthymema en epicheiremata in retoriese bewysvoering behandel (LCL 2:202 e.v.). Vgl. Wolf se opmerkings in verband met hierdie bewysmetode *ex consequentibus* (*ibid.* 524).

egter openlik van die wyse waarop sy sondevergiffenis verkry het. Hy sê: "Jou geloof het jou gered". Deur die geloof verkry ons dus vergiffenis; deur die liefde betuig ons ons dank en getuig ons van die Here se milddadigheid.

### 38. *Die kerkvaders se geskrifte in verband met berou is oor die algemeen onbetroubaar*

Opvattings in verband met voldoening wat oral in die geskrifte van die ou skrywers voorkom, raak my weinig. Ek sien wel dat sommige van hulle - om dit nou maar eenvoudig te stel, feitlik almal wie se boeke nog beskikbaar is - òf oor hierdie onderwerp gedwaal het òf te skerp en te hard hieroor gepraat het. Ek sal egter nie toegee dat hulle so ongeletterd en so onervare was dat hulle in die sin geskryf het waarin dit tans deur die nuwe voorstanders van voldoening[309] gelees word nie. A 238 Chrysostomos skryf iewers so: "Waar barmhartigheid vereis word, daar kom selfondersoek tot 'n einde; waar barmhartigheid vereis word, is geen oordeel nie; waar na barmhartigheid gevra word, is geen plek vir straf nie; waar barmhartigheid is, is geen selfondersoek nie; waar barmhartigheid is, is verantwoording prysgegee".[310] En al sou sy woorde hoe ook al verdraai word, sal hulle nogtans nooit met die dogmas van die Skolastici versoen kan word nie. In die boek *Oor die dogma van die kerk*,[311] wat aan Augustinus toegeskryf word, lees 'n mens: "Die voldoening van berou is daarin geleë dat 'n mens die oorsake van die sonde uitwis en geen suggestie daarvan toelaat om by jou op te kom nie."[312] Hieruit is dit duidelik dat hulle leer van voldoening ook in daardie tye oral bespot is omdat daar gesê is dat voldoening betaal word vir die oortredings wat reeds begaan is, terwyl die skrywer die hele voldoening toepas op versigtigheid om jou in die toekoms van sondes te weerhou. Ek wil hier nie dieselfde Chrysostomos se leer aanhaal, naamlik dat God niks meer van ons vereis as om ons sondes met trane voor Hom te bely nie.[313]

Sulke opvattings kom telkens in sy eie geskrifte en ook in die van ander skrywers voor. Iewers noem Augustinus die werke van barmhartigheid wel middels om vergiffenis van sondes te verkry,[314] maar om te verhoed OC 490 dat iemand by hierdie woordjie sou vassteek, beantwoord hy dit self

[309] *Satisfactionariis.*

[310] Marg. *Homil. 2. in Psal. 50.* Pseudo-Chrysostomos, *In Ps.* 50. *homil.* 2.2 (MPG 55:577).

[311] 1539 - 1543: + *c. 54.*

[312] Marg. *Cap. 54.* Pseudo-Augustinus, *De ecclesiasticis dogmatibus* 24 (MPL 42:1218 e.v.); Gennadius, *De Eccl. dogm.* 54 (MPL 58:994).

[313] Marg. *Homil. 10. in Gene.* Chrysostomos, *In Genesin homil.* 10.2 (MPG 53:83 - 84).

[314] Marg. *Enchir. ad Laurentium.* Augustinus, *Ench.* 72 (MPL 40:266).

elders. Hy sê: "Die vlees van Christus is die ware en enigste offerande vir die sondes, en dit nie slegs vir die sondes wat almal in die doop uitgewis word nie, maar ook vir die sondes wat daarna as gevolg van ons swakheid binnesluip. Daarom roep die hele kerk vandag nog uit: 'Vergewe ons ons skulde'.[315] En dit word hulle vergewe deur daardie sonderlinge offerande".[316] OS 131

### 39. *'n Bespreking van die gebruik wat Skolastici van die kerkvaders se geskrifte gemaak het*

Hulle noem voldoening egter so veel moontlik nie vergelding wat aan God gegee word nie, maar 'n openlike betuiging waardeur mense wat met uitbanning gestraf is en weer in die gemeenskap van die kerk opgeneem wou word, die kerk van hulle berou verseker het. Want sekere vasdae en ander seremonies is op die wat berou gehad het, gelê om daarmee bewys te lewer dat hulle waarlik en van harte 'n afkeer in hulle vorige lewe gehad het, of, eerder, om die herinnering aan hulle vorige sondes heeltemal uit te wis. Gevolglik is daar gesê dat hulle voldoening gegee het nie aan God nie maar aan die kerk. In sy *Handboek aan Laurentius* het Augustinus dit juis met hierdie woorde uitgedruk.[317] Uit hierdie gebruik van ouds het die bieg en voldoening wat vandag gebruik word, ontspring. Dit is beslis die voortbringsel van 'n slang,[318] waardeur veroorsaak is dat selfs nie eens meer 'n sweem van die beter voorkoms hierbo oor is nie. Ek weet dat die skrywers van ouds soms 'n bietjie te stroef praat. En, soos ek so pas gesê het, ontken ek nie dat hulle miskien ook gefouteer het nie. Maar iets wat maar net met 'n paar spatsels bespat was, word heeltemal bemors wanneer dit deur die Skolastici se ongewaste hande gehanteer word. As ons dan nog met die gesag van die skrywers van ouds kragte moet meet, goeie God, watter ou skrywers dring hulle dan nie hier aan ons op nie! 'n Groot deel van hulle geskrifte waaruit Lombardus, hulle leier,[319] sy lappieskombers saamgeflans het, is geput uit die dwase onsin van sekere monnike wat onder die naam van Ambrosius, Hieronymus, Augustinus en Chrysostomos uitgegee word. In die geval van die onderhawige redenasie put die skrywer byvoorbeeld al sy inligting uit Augustinus se boek *Berou*, wat 'n nar onverstandig uit goeie sowel as slegte skrywers saamgeflans het. Dit dra wel Augustinus se naam, maar

[315] Marg. *Matth. 6.b.12.* Vgl. OC 45:200 e.v.

[316] Vgl. Augustinus, *Contra duas ep. Pelag.* 3.6.16 (MPL 44:600).

[317] Marg. *Cap. 65. Citatur in Decr. cap. in actione de poenit dist. 1.* Vgl. Augustinus, *Ench.* 17.65 (MPL 40:262 e.v.); *Decr. Grat. II: Causa* 33:3: *de poenit.* 1.84 - 85 (MPL 187:1552 e.v.; Friedberg 1:1183).

[318] Vgl. Matt. 3:7; 12:34 (OC 45:116 e.v.).

[319] *Coryphaeus* - leier of hoof; vgl. Cicero, *De nat. deor.* 1.21.59.

niemand met selfs 'n effense geleerdheid sou hom verwerdig om die boek as syne te erken nie.[320] My lesers moet my egter vergewe dat ek hulle dwaasheid nie so uitvoerig ondersoek nie, omdat ek hulle las ligter wil maak. Dit sou in elk geval nie baie moeite van my verg nie, en tog sou dit byval vind om die onsin wat hulle tot dusver as verborgenhede geroem het, tot groot skande vir hulle aan die kaak te stel.[321] Omdat my doel egter is om iets voordeligs te leer, sien ek daarvan af.

[320] Vgl. Lombardus, a.w. 4.14.24 e.v. (MPL 192:868 - 899).

[321] Fr.: + *et le pourroye faire avec applaudissement de beaucoup de gens* (Benoit 3:142).